

HABARI

jambo sana.

*Nuusbrief van die Oos-Afrika - vriendekring
Newsletter of the friends of East Africa.*

No. 14.

Okta '86 Oct.

4 Oktober 1986
4 October 1986

The first Saturday in October all Ex-East Africans gather at the fountains. We renew old friendships, make new ones, just gossip and reminis.

Bring jou stoel, tafel, en piekniek mandjie. Dit sal heerlik wees om weer te gesels. Verlede jaar was daar baie jong mense, dit was goed om te sien hoe die belangstelling weer opgeflikker het. Die geleendheid is vir oud en jonk, almal moet kom.

TYD: Die heeldag

WAAR: Die fonteine naby die resturant

BYDRAES VIR ONS NUUSBRIEF

Geagte Vriende

Ons verwelkom interessante artikels vir ons nuusbrief, en veral inligting oor mense en gebeure in Oos-Afrika wat u nog helder voor die oë staan. Ons versoek u vriendelik om u bydraes sover as moontlik van datums te voorsien, asook die volle name van die persone waaroor u skryf - dit verhoog die interessantheid van die gegewens.

Indien dit enigsins vir u moontlik is om u bydraes in getikte vorm aan ons te stuur, sal ons dit waardeer - dit is egter nie 'n vereiste nie. Foto's is natuurlik meer as welkom!

Stuur asseblief u bydraes aan Danie Steyn, Settlers Agricultural High School, Poskantoor Settlers, 0430.

Baie dankie!

DANIE STEYN

NUWE BOEKE.

D'ASSONVILLE, Proff Dr V E; Kerk op die Wit Hooglande: (Geskiedenis van die Gereformeerde Kerke Eldoret en Skeurvallei). Marnix Potchefstroom. Posbus 20252 Potchefstroom 2522. 1984

Die boek is beskikbaar by die uitgewer.

HUXLEY Elspeth, Out in the Midday Sun: My Kenya. Chatto & Windus London. 1985.

NELLIE, Letters from Africa. Weidenfield and Nicolson. London. Reprinted 1984

TRZEBINSKI Errol, The Kenya Pioneers. Heineman London. 1985

Author of "Silence Will Speak". Die skrywer het ook 'n groot bydra gelewer by die produksie van "Out of Africa".

A REQUEST:

I quote from a letter from Errol Trzebinski:

Dear Danie,

..... "If you meet any Kenya people do ask about BERYL MARKHAM, the woman who flew the North Atlantic and was a famous racehorse trainer in Kenya. I would be grateful for any contacts for my next biography and I am reseaching from now on using all the contacts I have established in case people just happen to have known her".

Best Wishes

Errol

If anyone has anything please let me know and I can pass it on.

ANOTHER REQUEST:

Jenny Taylor a decendent of the de Jager family is reseaching the de Jager family tree. She has managed to take it back to 1696. She is now trying to find what each one did, particularly the share they had in the Anglo-Boer War. If you have information let Jenny have it at: 7 Leye Place, Mariannhill Park, 3610.

'n HULDEBLYK AAN THYSIE DAVIES

MJ Davies, of Thysie, soos hy alom bekend was, was een van die eerste kinders wat op die Vasin Gisau Plateau gebore is. Sy ouers het in 1908 na "British East Africa" (Kenia) verhuis, en hulle by Sergoit gevestig. Daar is Thysie op 27 Oktober 1909 gebore.

Op 1 Junie 1962 het Thysie en sy gesin na die RSA verhuis en hulle in Rustenburg gevestig en later het hulle op 'n plaas naby Rustenburg gewoon. Op 25 November 1985 is Thysie in die hospitaal op Rustenburg oorlede.

Thysie, ook soms MJ genoem, was 'n geliefde persoon en 'n hulpvaardige mens. So het almal hom leer ken. As jy by jou landerye kom, was Thysie se trekkers en dorsmasjiene klaar daar, gereed om te help, sonder dat jy hom eens gevra het. Hy was 'n goeie jokie en polospeler en saam met sy resiesperd, "Make Haste", was hulle 'n gedugte paar.

Aanvanklik het hy sy broer help boer by Sergoit en later sy eie plaas by die Elgero Border bekom. Hy het sy plek volgestaan in die samelewing. By Mombasa en Kikambala was hy alom bekend as Davies, bemind en gerespekteer. Onder die Arabiere het hy as "Bwana Misavrobo" bekend gestaan, omrede sy mooi snor. As enige probleem ondervind is met die reël van 'n basaar, was die spreekwoord: Vra vir Thysie!

Thysie was nooit ledig nie - ja, tot net voor sy dood was hy nog besig om sambokke met sy sakmes uit te sny en om swepe te vleg.

Saam met sy vrou, Martie, wat hom 48 jaar lank trou bygestaan het, sy kinders en kleinkinders, sal ons hom mis. Maar Thysie, of oom Davies, sal altyd in ons herinnering bly.....

Hermanus Steyn

ONS SAL ONTHOU.

Habari en sy wydverspreide lesers dink met deemoed en verlange aan al die Oud-Oosafrikansers wat hier ter lande na Uhuru heengegaan het. Op die trekpad van ons nasie wat vir vele van hulle 'n swerfpad geword het, het hulle in die gees, soos Paulus dit in die heilige skrif stel, "na 'n ander Vaderland gesoek". Daardie rus het hulle intussen ingegaan! Ons treur oor hulle. Veral dink ons aan on on vergeetlike, geestelike volksvader, wyle ds M.P. Loubser, wat, as hy geleef het, tans ongeveer 115 jaar sou gehaal het. Geestelike gesproke leef sy frome christelike gees vandag nog in ons allerharte. On bring hulde aan sy waardige nagedagtenis.

Deki.

ONS DINK AAN HUL NAGEDAGTENIS

4.

8 Aug 1986 Dom Willie van Blerk.

11 Aug 1986 Dom Martiens Fourie. Hy was 76, sy vrou Marie was 'n nooi Kruger. Hy het vir Gaily en Roberts gewerk in Nakuru, toe gaan boer hy vir 'n rukkie in die Eldoret distrik. Hy het in Pretoria gewerk vir die verkeers afdeling tot sy dood. Sy Moeder leef nog en is nou 94.

12 Aug 1986 Dom Daan Coetzee. Hy is in Nairobi oorlede, hy was 84 jaar oud. Hy word oorleef deur sy vrou Joey (nee Fourie), sy was 'n suster van Dom Martiens Fourie.

7 Des 1985 Mr Jacob Abraham Enslin died in a car accident. He was formally from Eldoret. Married to Berl (nee Luies) daughter of the late Dom Daan and Aunt Girlie Luies from Nairobi, he leaves his wife and five children. He had been living in Witbank.

16 Jan 1986 Mrs Dulcie Terblanche, from Nanyuki. Daughter of the late Alec and May Roberts, of "Aggeton Farm". Her sister Iris lives in England, and the other sister Margery Murray at Wonderboom. She leaves her husband Terry, a son and a daughter. Terry was in the S A A F during the wars years in Kenya, but originally came from South Africa.

7 Feb 1986 Dawie de Witt passed away at the age of 59 after a long illness. He was the son of Roelph and Bellie De Witt, they came from Ol'Kalou. He was married to Grettie van Staden, daughter of Betty and the late Chris. Dawie leaves his wife, two girls and a boy.

25 Nov 1985 Thys Davies oorlede na 'n siekte van 3 maande.

15 Jan 1986 is Johanna Francina Thom oorlede. Fransie was orelis en koorleider in die Delmas Kerk. Sy het ook musiek les gegee. Haar man het 'n droevrugte fabriek op die plaas gehad waar sy baie gehelp het. Hulle laat 2 dogters en een seun agter. Oorspronklik is hulle van Tanzania en het hier op Delmas kom bly.

July 1986 Mrs Eva O'Neal wife of Jackie passed away in Durban. He was a driver on the K U R & H.

14 July 1986 Mr Faantjie Engelbrecht husband of Sarie (nee van Niekerk) passed away in the Kempton Park old age home.

1 July 1986 Mr Koos Engelbrecht passed away. Son of the late Dom Willem and Tant Sannie Engelbrecht. He was married to Sannie Jooste formerly from Thika, he farmed near Soy. He then moved to South Africa in the Nelspruit district.

8 August 1986 Mr Willem Roets (V R) died in Springs. He was married to Maria Engelbrecht.

9 August 1986 Mrs Sophia de Lange, wife of George died. They had two boys and one daughter. His late Father Dom Frank de Lange passed away in the old age home at Warmbaths, his mother Aunt Sara is still living there. She will be 89 years on 29 Sept.

July 1986 Tommy Pienaar formerly from Nairobi Municipality and brother of the writer Sangiro died at the old age home in Warmbaths.

July 1986 is Henk Storm, seun van tant Kotie en Dom Koos Storm oorlede in Pretoria.

NEEF, OF WAS DIT NOU OUBAAS.

Verlede jaar in November is hy toe hier op Somerset-Wes oorlede. Maar nou loop ek dinge baie vër vooruit - om die waarheid te sê 89 jaar vooruit. Kom ons gaan terug na 1896 toe hy op 20 Oktober op Reitz in die Vrystaat gebore is. Datums bring altyd interessante verbintenisse. Later sou 20 Oktober Kenyatta dag word, en waar wil jy nou 'n meer merkwaardige jaar in die geskiedenis he as juis 1986. Jameson se mislukte inval; Chekov skryf "Die Seemeeu"; die eerste Nobel pryse word toegeken; "La Boheme" van Puccini word vir die eerste keer opgevoer; Baquerel ontdek radioaktiwiteit; die eerste moderne Olimpiese spele word in Atene gehou; Daimler bou sy eerste vragmotor ens. ens. Maar kom ons keer terug na ons storie.

Toe hy so 5 jaar oud was breek die Anglo-Boere oorlog uit. (Vir hom was dit altyd die verdekse Transvalers se oorlog wat hulle Vrystaters toe uiteindelik moes veg.) Sy pa sluit by De Wet aan en bly op kommando tot aan die einde van die oorlog. Sy ma sorg dat hulle, dit is nou hy en sy broers, nooit in een van die konsentrasiekampe beland nie. Hoe hulle dit reg gekry het is 'n storie wat ek ongelukkig nooit gevra het nie. Na die oorlog het almal trekkoors en hulle verlaat 'n pragtige plaas in die Oos-Vrystaat en trek op Stellaland toe. Hier verloor hulle nie net al hulle vee aan die gallamsiekte nie, maar die oudste broer is ook dood aan hondsdoelheid as gevolg van 'n muishondbyt. Toe verder noord na die oosgrens van Rhodesie. Dit moes voor die eerste wereldoorlog gewees het. Melsetter, Chimanimani, Vumba en Umtali - name wat uit sy vertellings gekom het. Hy was jonk, die wêreld om hom was jonk en avonture was daar genoeg. Nie die gekke onwerklikhede van ons TV wêreld nie, maar die avonture van 'n jong man in 'n groot stuk rou Afrika. Hy was beesboer, transportryer, winkelbestuurder (op die Portuguese grens) en selfs jokkie.

In 1925 byt die trekkoors weer. Met een-honderd pond in sy sak en 'n ekstra paar stewels (om mee terug te loop as hy nie sy fortuin kon maak nie) klim hy op die boot na Brits-Oos-Afrika. Begin werk as bestuurder op 'n koffieplaas naby Thika. Leer Nairobi en al sy kleurvolle inwoners ken. Dit was die era wat nou deur Amerikaanse oë op die silwerdoek as "Out of Africa" verskyn. Die wêreld was moeilik maar dit klink of die politiek veel makliker bedryf is. Op 'n keer was hy saam toe ene Captain Poppleton met die steun van Lord Delamere gedreig het om die Goeverneur binne 24 uur op sy koers terug Britanje toe te sit as hy dit sou waag om die Indiers grondreg op die Wit Hooglande te gee. (Jammer ons kan nie vandag dieselfde met 'n paar plaaslike politici doen nie - niemand sou die goed in elk geval wil he nie. Tog ook interessant hoe die Engelse ons Afrikaners in die Hill Skool altyd "Jaopies" genoem het - sou hulle nou iets so 25 jaar die toekoms in geweet het?) Terug na ons storie. Kakamega se goudvelde. (En se tog net Kakamega mooi reg anders het jy hier in hierdie Afrikaanse land 'n gespot om jou ore !) Hoeveel goud daar ooit gepan is weet ek nie. Al wat later jare daarvan oorgebly het is een ou baie verpiepte diamantjie en 'n klomp blink stories. Hoe lank die goudgrawery ook gehou het sal ek nie kan sê nie. Hierna het hy toe van plaas na plaas getrek met 'n koringdors. Dit opsigself moes iets gewees het om te aanskou, nog veel erger was die ou stoomenjin wat met 'n span osse agterna gesleep moes word. Want sien, in die tyd het al wat boer gerwe gesny wat uitgedors word en die stoomenjin moes die dors aandryf. Nie net het hy koring edors nie, maar ook die land en sy mense soos min ander leer ken. Later et hy baie vertel van die eensaam, gasvrye, vrygesel Engelse semi-adelui

se uitnodigings tot aandete. (Almal was darem nie amper-adel nie want daar was ook 'n ryk oes van ou afgetrede offisiere en sommer ook net gewone pioeniers.) Daar was die vuil "koloniale" kombuise wat jy liefs moes misloop as jy erens 'n plan gehad het om van die kos te eet en daar was die 'pink-gins'. Laasgenoemde moes dien as fortifisering teen die brouels wat die 'cook-boys' opgedis het. Seker die dat hy later jare die nare gewoonte gehad het om eers aan verdagte kos te ruik voordat hy dit eet - iets wat soms byna tot familieoorlog gelei het.

Uiteindelik koop hy 'n plaas naby Plateaustasie en op 4 Januarie 1937 trou hy met Margaret McLeod. Dit was nou nie juis veel van 'n troueseremonie nie. Maar as jy verlief is maak dit seker nie saak dat die plegtigheid sommer in die Registrars Office in Nairobi afspeel nie. Sy broer, Eduard, en Dina Davies het as getuies geteken. Waaroor of waarvoor hulle nou juis moes getuig weet ek nie. Seker maar dat hier twee jong mense was met harte vol hoop en koppe vol planne vir 'n toekoms in hierdie jong vars land.

Vergenoeg gemeente het hom leer ken as kerkman, vurige voorstander van sendingwerk en nog vuriger nasionalis. (Hoeveel moes ek tog nie van Langenhoven, Hertzog en Malan hoor nie.) Maar laat ons nou nie sentimenteel raak nie want dwarskop was hy ook maar al te seker - enige siel wat hom en Oom Oelf Vorster ooit oor die sending hoor stry het sal enige donderweer as 'n nietigheid aansien. Wat kan ek meer sê - elkeen wat hom geken het sal tog maar sy eie indrukke met hom saamdra. Hulle wat hom nie geken het nie en Kenya nie geken het nie (of nie meer kan onthou nie) sal ons maar aan die raai los.

In 1955 is Margaret aan kanker oorlede. Dit was 'n keerpunt in sy lewe. Skielik was hy net oud en alhoewel hy en "Dad" McLeod (Magaret se pa) nog agt jaar op die plaas gebly het wou dinge maar nooit weer vorentoe nie. In 1964 trek hy terug Republiek toe en bly tot in 1971 in Warmbad. Toe vir twee jaar na Oshakati in Owambo. Hier kry hy in 1973 'n beroerte aanval wat hom verlam laat tot aan die einde sy lewe. Die sirkel is toe voltooi, maar daar is ook sirkels binne sirkels. Ds Lieb Loots wat hom begrawe het, het ook Margaret presies dertig jaar gelede, op Eldoret, begrawe. Sommige het hom as Neef geken, andere as Oubaas, maar seker die meeste net as Oom Schalk.

Dan Steyn
Somerset-Wes
8 Augustus 1986.

Einde Maart 1961. Jongste staan by die ingang van Junior House, Duke of York School, vir sy ouers en wag. Hy is die ene opgewondenheid, want die vakansie wat so pas aangebreek het, gaan iets heel besonders wees. Die hele gesin gaan per motor reis na die groot stad, Pretoria, waar ouboet Pieter in die huwelik tree. Uiteindelik kom die bekende swart kewertjie om die draai en familiebande word herbevestig.

Aanvanklik vorder die gesprek effens stotterend want die moedertaal is drie maande laas gebesig. Maar dit kom ook reg, en dan word daar lekker gesels. Daarvoor is voldoende tyd, veral as die reis oor 5000km sowat 6 dae neem. Jongste vra baie uit na die verland, maar die hulp is skraal, want Vader was maar 10 jaar oud toe Oupa met sy twee kinders te Durban aan boord van die Land Stephen Castle gegaan het op vaart na Mombasa. Op see het die Eerste Wereldoorlog uitgebreek en het die skip omgedraai, uit vrees vir die keiser se skepe langs die kus van Duits-Oos. Uiteindelik het 'n Italiaanse skip hulle langs Mombasa afgelaai vanwaar hulle na Nairobi met die trein gereis het. Daar het Vader (op ouderdom 10) kennis gemaak met Oupa Flip Malan wie 21 jaar later sy skoonvader sou word. Die het hulle meegedeel dat sy ouboet Piet oor 'n dag op Nairobi sou aankom met wa en osse om hulle na die Plateau te neem, na 'n ongerepte stuk grond, 'n plaas toe nog sonder naam, genommer 732, wat vir 99 jaar in huurpag van die Empire geleen word. Sedertdien was Vader nog net een keer in S.A., vir skaars 10 dae.

Moeder Magrietha vertel weer dat sy in Eldoret gebore is en in haar half eeu leeftyd nog nooit Suid-Afrika gesien het nie. Almal sien daarna uit om die onbekende land te besigtig, waar 'n bekende taal algemeen gepraat word deur mense wie soos ons dink en glo, mense wie op Geloftedag die vlag kan hys sonder die nodigheid om vooraf toestemming te verkry van die D.C.

Eindelik steek ons Beitbrug oor. Eerste indrukke is spreekwoordelik blywend. Dis droog. Nogal teenstellend met die Plateau met sy gemiddelde jaarlikse reënval van 1200mm. Maar die land het ook sy bekoring. In die hoofstad is daar baie nuutjies. Jongste ry vir die eerste keer in sy lewe op 'n roltrap, ry trembus, geniet 'n hamburger in 'n kafee wat tot 10 uur saans oop bly. Nogal 'n verskil met Duncan's Tea Room. Op die Paasskou sien hy hoedat 'n goudstaaf gegiet word. Min besef hy dat daardie wit metaal die verskil maak tussen die roltrap hier en die houttrap van lande verder noord.

In 'n bestek van 10 dae word 'n groot deel van die Transvaal en noord O.V.S. deurreis. Familiebande word verstewig en die groot mense gesels oor baie dinge, ook oor Uhuru. Vader hou sy oë oop vir geskikte landbougrond - "indien dit nodig word om te trek...." Maar vir Jongste het die woord "trek" in sy geborge opvoeding nog min betekenis gehad. Vader se opmerking is seker grappenderwys gemaak.

'n Week later is Jongste terug op skool, met baie nuus om sy rooinek maatjies te vertel van sy Home. Maar sy entoesiasme word vinnig gesmoor. Suid-Afrika en alles wat daarmee saamgaan, het skielik 'n skelwoord geword - en dit omdat 'n staatsman sy hoed geneem en hoof omhoog uit 'n sekere saal vol leiers uitgestap het. Tydens 'n klasperiode bekend as "Current Affairs" vertel die onderwyseres (nogal 'n gebore Suid-Afrikaner) dat die regering van S.A. so onmenslik is dat hulle die strooise van swart mense met

stootskrapers plat stoot. Koerant uitknipsels word omhoog gehou. Propaganda is 'n monster met die gerief van oogklappe.

Gedurende die lang kwartaal, is Jongste se kleinnode die briewe wat hy van ouerhuis in moedertaal ontvang. Hy ontvang 'n buitengewone brief. Vader skryf dat hy die plaas te koop gaan aanbied. Die volgende jaar moet ons trek S.A. toe. Jongste se geborgenheid word tot in die fundamente geskud. Daar's seker fout met Vader, wie se logiese denke nog altyd beny is. 'n Mens gee mos nie 48 jaar se pionierswerk prys nie. Jongste neem die pen op en wend 'n moedige poging aan om Vader te oorreed om ernstig te besin.

Die antwoord is een van begrip, maar ook van verduideliking, van 'n versoek om dit wat swaar is, nie nog swaarder te maak nie; omdat winde van verandering reeds die weskus getref het. Jongste berus, ook in die lig van 'n Indier se toelating tot sy skool. Aanvanklik het die nuweling baie nuuskierige maats. Gerugte word bevestig dat 16 Kikuyus die volgende jaar toelating verleen is.

Die Desember vakansie breek aan. Anders as die voriges. Almal praat van trek. Op eie werf word houtkiste aanmekaar geslaan. Die allernoodsaaklikste word met groot sorg verpak. Jongste sluit sy posspaarrekening, neem die volle inhoud (200/-) en betaal angstig oom Dot Wolmerans om met sy groot Volvo vragwa die kissie speelgoed veilig te vervoer.

Oestyd moes al byna afgehandel gewees het. Maar dit reën. Verskriklik. Die besoekende predikant uit S.A. sê dis die eerste keer in sy lewe dat hy bid vir sonskyn. Die koringkorrels in die aar was al byna droog, maar begin weer swel. Sommige loop uit. Die wat gestroop kan word, word kunsmatig gedroog. Van die 22 masjiensakke wat telkens op die droër gepak word, word 18 gewig-sakke verkry.

Met die mielieoes gaan dit net so. Dit word van die stoek afgeoes. Sommige koppe is so nat dat die arbeiders (wie nog bevoorreg is met tande) enkeles braai. Jongste, wie die oesbetalings doen, staan eenkeer nader, hy wil ook proe hoe smaak hierdie sagte ryp mielie. Arap Sitene breek vir hom 'n halwe kop af. Dis hard, maar smaaklik. Hulle gesels oor die reën wat ontydig gekom het, en oor die vragmotor wat alweer vasgeval het. Dan staan die ou ringkoppe nader. Vingerhoed is aan die woord. Hy sê die Bwana Kidogo is mos op skool en hy moet hulle nou vertel wat vir 'n ding is hierdie Uhuru wat almal van praat - want in die dorp kom daar Sondae mense met pakke klere aan wat 'n platform oprig en oor luidsprekers met die mense praat. Sommige skree KANU en ander KADU en soms baklei hulle. En as hulle huis toe gaan, skree almal Uhuru.

Jongste voel gevlei oor die groot eer wat hom te beurt geval het. Maar ook huiwerig want die Uhuru begrip is vir homself nog 'n moeilike een. Hy doen sy bes en vertel van 'n vrou daar oorkant die water wat eintlik al hierdie grond besit. Ons huur net die grond van haar. En elke jaar stuur sy 30 miljoen pond vir die bou van paaie, skole en kantore. Die mense in die kantore en die polisie werk almal vir haar. Maar nou gaan die vrou nie meer geld stuur nie. Die kantoormense en polisie gaan terug na haar land om daar te werk. Nou moet swart mense in hierdie kantore werk. Maar eers moet almal in hierdie land kruisies op papiere trek om te sê wie gaan in die kantoor sit. Omdat baie nie kan lees nie, gaan daar 'n prentjie van 'n olifant en 'n leeu op die papier wees. Elkeen moet besluit of hy die olifant of die leeu wil hê.

Vir 'n ruk is daar stilte en merkbare verwarring. Dan begin ou

Zachiel. Hy sê hierdie ding wat kom, is 'n ongedierte. As dit goed was, sou daar nie by byna elke winkel op die dorp 'n papier opgeplak wees met die woord "Hakuna Kazi" nie. Dan sou die witmense ook nie weggaan nie. Chep Konga wil weet hoekom die witmense dan wegtrek. Dis 'n moeilike een! Jongste sê daar sit nou 'n ou man met 'n grysbaard in die tronk omdat hy baie van sy eie mense en ook witmense vermoor het. Miskien sê daardie vrou hulle kan die tronkdeure oopsluit en miskien kry die leeu die meeste kruisies en dan word die ou man koning. Miskien het hy nog dieselfde gedagtes van 1952. Ou Orinjo is die staatsmaker. Hy se, as dit gebeur, kom bou hulle hulle strooise rondom die Bwana s'n en bewaak dit met assegaie.

Tuis pak Vader en Moeder in. Sy wys hom 'n koerantuitknipsel uit 1952 toe hy 'n Sinode sitting in Pretoria bygewoon het. Abie, die prooi van 'n koerantman is aangehaal as sou hy gese het: "ons sal nie swig voor die Mau Mau nie. Ons trek nie. Ons veg tot die laaste koeël." Helaas word die gewere ingepak, en die onbenutte patrone. Geen koeël het nog ooit die Empire gestuit nie.

Die laaste dag breek aan. Vroegoggend roep Jongste sy getroue ou hond, Jasper wat hy present by oom Olivier van Verbrande Bos ontvang het. Hopelik sal hy 'n goeie nuwe baas kry. Die twee stap af na die piekniekplek. Hier het elke Afrikanerkind van Uasin Gishu jaarliks kom baljaar op die skoppelmaaie, watergetrap, kabelstoel gery, Eli Rose gespeel en braaivleis geëet. Hier het die jong mense ook Nuwe Jaar kom vier, en sommige in die romantiek van die woud hul gedeelde sentimente verewig in hartvorminge uitgekerfde tekens aan boomstamme. Maar nou is die plek leeg. Die Springbok windmeul neul langsaam 'n draai of wat.

Jongste beweeg terug huis toe, met gedagtes wat maal. Voor die huis vind hy die leerlinge van die plaasskooltjie in rye opgestel. Die onderwyser vra dat ons op die stoep moet staan want hulle wil vir ons sing. Die woorde is wel Swahili, maar die wysie onmiskenbaar: God sy met u tot ons weer ontmoet.

Die vragwa is vol. Enkele kaste staan nog op die stoep en sal moet bly. Ook die 80 soorte chemiese middels waarmee Abie sy kleurfotoafdrukke deur die jare gemaak het. Atanas, die slagter kom haal die laaste paar Romney Marsh stoetooie teen 50/- stuk.

Voor ons vertrek, sê ou Vingerhoed hy wil met ons praat, maar hy soek stilte. Ons stap weer die huis in. Ons stap verby Moeder se eetkamertafel met pote wat Oupa-Grootjie gedraai het. Een van baie wat moet bly. Noodsaak het nie sentimente nie. In die hoofslaapkamer trek Vingerhoed die deur toe. Hy vra ons moet kniel. Dan doen hierdie ongeletterde plaasvoorman 'n gebed wat getuig van die Ware Lig wat ook in 'n Elgeyo hart skyn.

Jongste en Grootboet Flip vertrek met die vragwa. Daar word nie omgekyk nie, ook nie na mekaar nie, ook nie gepraat nie. By die plaas ingang hou ons stil. Die naambord kom af. "Enig." Elke plek is enig in sy soort, maar vir hierdie gesin was dit soveel te meer besonders.

Die pad na die suide duur lank, 21 dae vol teespoed. Ons reis deur Tanganjika wat enkele maande gelede nog deur droogte geteister is, nou deur vloedwater oorstroom. Ons val vas, gebruik windaste om ons uit te sleep en trek in die proses die grootste doringboom om. Uiteindelik doen drie voertuie met vierwielaandrywing die ding. Die swak ryvlak eis sy tol. 'n Klip slaan die olie bak stukkend, ratte wat breek word gesweis by gebrek aan onderdele, 'n gebreekte hulpveerstut word vervang met

'n koevoet. Intussen kook Moeder water op die primus onder die vragmotor en sus Rientjies maak tee terwyl die reen om ons giet.

By die doeane op die Zambiese grens merk die beamppte op, wanneer hy die paspoort stempel: "South Africa? - you're jumping from the frying pan into the fire."

Op 7 Februarie 1962 word Beitbrug oorgesteek. Met bestendige grondgebied onder voete, val die gesin saam in met Ps. 146:1. Die reis kom tot 'n einde aan die voet van Soutpansberg. Vader, met amandelboom reeds in blom begin moedig bewerk op 'n nuwe enig, een waar voorgangers min waardering geheg het aan die deel wat stelselmatig die see ingespoel het. Eindelik, wanneer die silwerdraad afgebreek is, moet Jongste aangaan. Dis 'n anderse klimaat, met anderse reënval, sodanig dat die afwyking van die gemiddelde die reël geword het.

Dikwels word teruggedink aan 'n enige land, waar bekende mense 'n gelukkige bestaan gevoer het. Stukkies enig kom in die gedagtewêreld op - 'n piekniekplek met leë skoppelmaaie, 'n leë gemeenskapsaal op die Plateau waar 'n geliefde vlag elke jaar op Geloftedag deur die oudste onder die oues gehys is, bykans 6000km vanaf Bloedrivier. Maar hy dink ook met groot dankbaarheid aan 'n klaskamertjie in 'n Engelse skool op Eldoret waar tannie Chrissie van Rensburg elke Sondag getrou geestelike brood uitgedeel het aan 'n paar jong spruite in hul moedertaal.

Telkens, wanneer die groen gras onder eie voete verdor skyn te wees, kom die vrae onwillekeurig op: Sou daar regtig 'n verskil wees tussen die braaipan en die vuur? en, sou die Empire se winde verder waai as sy eertydse kolonies? Maar, in besinning is daar opregte dankbaarheid dat 'n groepie mense die voorreg had om vir 'n kort tydjie rentmeesters te kon wees van 'n besondere landstreek, (vir hul) enig in sy soort, maar wat tog ook deel van die verganklikheid vorm. Wat 'n troos vind ons nie in die vooruitsig op ewige rentmeesterskap in Sy "Enig."

Benjamin Mouton

SO 'n KLEIN STORIE OOR BENJAMIN.

Ds-Loots het een oggend die diens in die kerk op Eldoret gelei. Oom Oelof Vorster was geneig om vaak te word en sy kop so voorentoe te laat val en dan gee hy 'n snork geluid en ruk weer regop. Benjamin vra toe vir sy broer langs hom, "Wat is dit!" Ouboet sê, "Dis 'n renoster". Kleinboet "Waar is hy dan?" Ouboet "Bly stil!" Ek week tot vandag toe nie waaroor Ds. daardie dag gepreek het nie.

Danie.

SKOOLDAE OP BROEDERSTROOM

Die eerste fase van my skoolopleiding was in die skoolgeboutjie op Broederstroom. Dit was eintlik 'n kerkskooltjie - moontlik van die NG-kerk, aangesien die meeste van die onderwysers en onderwyseresse, sover ek kan onthou, lidmate van dié kerk was. Ek weet dat oorlede ds MP Loubser ook af en toe daar 'n handjie kom bysit het, met sy perd Kolbooi as vervoermiddel.

Toe ek daar begin skoolgaan het, het die skool uit twee vertrekke bestaan. Verder was daar 'n koshuis, 'n huis daar naby wat later ingerig is vir slaapkamers vir die seuns, en 'n tweevertrek-geboutjie met die naam Bethel. Dié geboutjie het seker aanvanklik as 'n woning vir 'n predikant gedien, maar in my jare het 'n ongetroude manlike skoolhoof daar gebly en sy maaltye in die koshuis genuttig. Indien die skoolhoof getroud was, het hy en sy gade as koshuisvader en -moeder in die koshuis ingewoon. Onderwyseresse het ook in die koshuis ingewoon.

Twee jaar voordat ek skool toe is, was my suster Francis daar in die koshuis en was 'n sekere mnr en mev Roussou die koshuisouers, aangesien mnr Roussou toe die skoolhoof was. Toe ek skool toe is, was 'n sekere mnr Malan die skoolhoof en was hy en sy gade die koshuisouers. 'n Ander onderwyseres wat ek goed kan onthou, was mej Du Plessis wat later mev Truler geword het. Sy was 'n lang, skraal dame met 'n baie geniepsige tong. Die skoolkinders het haar leer ken as iemand wat taamlik aggressief kon optree met 'n slaanding in die hand!

My eerste onderwyseres daar op Broederstroom was 'n Miss Cerns van Waikapia se wêreld. Sy was volkome eentalig - en dit was Engels! Sy is later getroud en het as Mrs McDonald in Eldoret gaan onderwys gee. Sy was ook die eerste onderwyseres wat die eer gehad het om my die eerste hou op die pad van geleerdheid te gee, en dít skaars 'n paar uur nadat sy my leer ken het. Dit was nog vóór speelyd!

Dit was ook George van Staden se eerste dag op skool. Daar het ons groot vriende geword en dit was 'n mooi vriendskap wat om en by 36 jaar lank geduur het - tot met sy tragiese dood.

Ek en my suster was nie lank daar op skool toe, want ons het na Waikapia verhuis. Na 'n jaar of twee is ons na Eldoret waar ek in 'n Engelse skool beland het. Daarvandaan is ons na Concordia-skool toe en vandaar terug na Broederstroom. Ten tye van ons terugkeer, was die Regering besig om die skool oor te neem en om dit 'n Regeringsskool te maak. Die onderwysers wat toe daar diens gedoen het, was eerwaarde Gawie Steyn, 'n sendeling, wat toe die skoolhoof was, en 'n mej MC Malan wat later met oom Dirk Kleynsmith getroud is.

Die volgende kinders was saam met my op skool van st 2 tot st 6, toe ons die skool verlaat het. St 6 was die hoogste standerd wat ons daar kon behaal - vandaar moes leerlinge na Nairobi gaan vir die Senior Sertifikaat.

Susan van As, verlange familie, later mev Adriaan van der Westhuizen; Frieda Raath, later mev Van Dalen; George Gordon van Staden; Hermanus Hendrik Steyn, die uwe; Hermanus Hendrik Steyn Murphey, 'n neef van my; Jannie Smit, later mev Kalkwasser, (sy was 'n standerd laer as ons); Andries Korf en Willie Bishoff, later mev Stoffel Boshoff.

Na 'n paar maande daar op skool, is eerwaarde Steyn toe daar weg en het oom Bokkie von Maltitz saam met mej MC Malan die skool behartig, in afwagting op 'n onderwyser wat uit die Unie van Suid-Afrika sou kom. Ons is 'n dag vantevore in kennis gestel dat die nuwe skoolhoof sy opwagting 'n dag later sou maak en ons was almal die ene oë en ore! Ons het die nuwe hoof van ver af goed beskou. Hy het saam met oom Bokkie van sy huis af aangestap gekom - 'n lenige, blas man met 'n bruin pak klere aan. Dit het by ons die indruk gewek van 'n duiwel op twee bene!

So het ons mnr LSJ Wolmarans ontmoet, later as oom Wolfie bekend. Hy het vir my persoonlik baie in my skoolloopbaan beteken, en ons het mekaar goed verstaan. Hy het goed geweet wanneer ek die rottang moes kry, en kyk, hy kon dit met rente uitdeel!

Mej Malan het ongelukkig een swakheid gehad, en dit was om sekere kinders te begunstig, of soos ons dit genoem het, "voor te trek". Maar afgesien daarvan was sy redelik bekwaam. Eendag was mej Malan baie ontstoke omdat die st 1 en 2-klasse nie hul geskiedenis geken het nie. Sy het ons gevra om almal die skool te verlaat en haar ná pouse om verskoning te kom vra. Ek en my neef, Steyn Murphy, kon nie so 'n kans laat verbygaan nie, en het huis toe verkas. By die huis gekom, het my ma nie my storie geglo dat my loopbaan van geleerdheid op 'n end is en dat my skooldae verby is nie! Die volgende dag moes ek maar weer skool toe gaan, weliswaar met twee broeke aan!

Nodeloos om te sê, ek het elke hou wel deeglik gevoel, die twee broeke ten spyt!

Hermanus Steyn

MISSING - MOVED - ADDRESS INCORRECT -- VERTREK - GEEN ADRESS GELAAT

Help arb.
 Mrs P H Alp, 9 Lisfield Rd, DUNVEGAN 1610
 Mnr H C G Coetzer, Posbus 7228, PETIT 1512
 Ds en Mev J D Conradie, Libertas 13, Hofstraat Tuine, 8001 KAAPSTAD
 Mev Christine de Flaming, Militere Basis, WYNBERG 7800
 Mnr C M A Dry, Duchesslaan 8, Windsor Park, 2001 RANDBURG
 Mr T Hughes Williams, P O Box 23565, JOUBERT PARK, 2044
 Mnr P D L Jacobs, Franklin laan 5, COMET 1460 BOKSBURG
 Tom Knoble, 37 Fourie Str., ERMELO 2350
 Mnr A J Luies, Posbus 202, BELFAST 1100
 Ds Malan, Viljoen str 74, KRUGERSDORP 1740
 Mnr Jacobus Pieterse, Harlequin str 11, BRACKENHURST 1450 ALBERTON
 Mev Ellie M Roets, Posbus 13558, SINOVILLE 0129 PRETORIA
 Mr and Mrs Royce Buckle, 187 Brand Rd., GLENWOOD 4001 DURBAN
 Mnr A D Smit, Kerk str 8a, BETHAL 2310
 Mnr Tjaart Snyman, 59 van Coller str., PARYS 9585
 Mnr J H Stolz, Rennies Air, P O Box 3841, JOHANNESBURG 2000

Nadat my vader 'n plaas op Waikipia gekoop het, het ons van Eldoret af daarheen verhuis. Dit was 'n lang en moeilike reis. Met 'n wa en osse is ons van oom Jan le Roux se plek (Plateau) na Wondiani. Vandaar sou ons per trein na Gilgil reis, waar my ma se broer, oom Lewies, ons sou ontmoet en ons met 'n wa en osse na ons bestemming sou neem.

Ongelukkig kon ons nie dadelik van Gilgil af vertrek nie, omdat my ma dubbele longontsteking gekry het. Na 'n maand het sy herstel en is ons met wa en osse verder. Ons het naby die meertjie Albalossot verby getrek en daarvandaan die Aberdeereberg aangedurf. Daar was natuurlik nie sprake van 'n maklik begaanbare pad oor die berg nie en na die tweede of derde dag se trek, hetons bo-op die berg by 'n sekere oom Frits van der Merwe oornag. Nadat ons 'n paar dae daar vertoef het, is ons verder - by die Thompsonvalle verby na die Merrindaikas, tot by ons nuwe plaas sonder 'n huis.

Ek en my suster, Francis, wat twee jaar ouer as ek is, moes skoolopleiding kry en so is ons terug na oom Frits van der Merwe. Oom Frans en tant Sannie van Deventer en hul oudste dogter Daisey en die jonger sussie Francis, het toe ook daar gewoon. Tant Daisey het aangebied om ons te onderrig na die beste van haar vermoë en sy het haar goed van haar taak gekwyt. Sy het by my 'n liefde vir die Afrikaanse taal gekweek.

Na twee maande is ek en my suster na 'n ander skooltjie in die omgewing. Dié skooltjie het in die tussentyd ontstaan en was nader aan die huis. Die onderwyseres, mej Susanna Bothma, was nie veel ouer as die oudste kind in die skooltjie nie, maar sy was heel bekwaam.

Die skoolgeboutjie was - sover ek my kan herinner - op die plaas van oom Giel Behr. Daar was nie veel leerlinge in die skool nie, maar ek kan party van hulle nog goed onthou. Daar was Gofie Joubert wat daaglik te perd skool toe gekom het; Susan en Martha van As (verlangs familie, wat elke dag heen en weer vervoer is deur hul ma, tant Sanrie, of hul broer Hans); en dan was daar Santjie, Nonna en Frikkie Behr; my suster Francis en ek en Magrieta, die onderwyseres se suster. Ons was almal goeie maats en het baie grappe saam geniet. Wat het ons geleer? Somme en Bybelversies en skoonskrif - nie veel nie, want boeke en leesstof was baie skaars.

Van Maandae tot Vrydae het ek en Francis by 'n tant Sannie Joubert geloseer en Vrydagmiddae moes ons opskud om by die huis te kom, omdat die pad huis toe heelwat gevare ingehou het. Daar was olifante, renosters, buffels en die gevreesde wildehonde. Ek het 'n perd gehad en Francis 'n flukse muilmerrie met die wonderlike naam van Goeks! Ons het gewoonlik stadig gery deur die vlakte-gedeelte op pad huis toe. Daar kon 'n mens ver sien en vinnig laat spat as gevaar dreig. Sodra ons egter die beboste gedeelte bereik het, het ons laat waai, voete styf in die stiebeuels en hare wat fladder in die wind!

Een spesifieke insident op pad huis toe, staan my nog helder voor die gees. Daar, op die verlate pad in die beboste gebied, het Goeks eendag oor 'n boomstompie gestruikel en toe ek omkyk, was ek net betyds om my suster soos 'n wafferse Vlieënde Hollander deur die lug te sien trek! Haar boeksak, wat saam met haar met moeder aarde kennis gemaak het, het sy inhoud oor die grond gestrooi. Daardie stukkie aarde was seker voorheen of daarna nog nooit weer so "geseënd" met soveel geleerdheid en kennis as wat daardie dag op die grond gelê het nie, al moet ek bely, dit was nie veel nie!

Met moeite het ons weer alles bymekaargemaak. My suster was stukkend geval en briesend kwaad vir die "muil-pes-merrie" soos sy dit op daardie oomblik uitgedruk het! Toe sy uiteindelik weer in die saal sit, sê sy: *Ek voel lus en slaan die ding dood!* Ek het simpatiek aangebied om haar te help en 'n swaar tak vir haar aangegee. Maar Goeks het die hou, gemik vir haar kop, sien kom en kwaai gekoes. Francis moes baie vinnig die swaar tak los en Goeks om die nek gryp, anders was sy weer plat op die grond! Die omhelsing was vurig, maar kortstondig!

By die huis gekom het sy die muil verwens en gesê dat sy nooit weer op Goeks sou ry nie. Miskien moet ek ten slotte net meld dat die vervoermodel hare gebly het - hulle het mekaar tog goed verstaan, want die muil het net soveel streke en nukke gehad soos dié suster van my!.....

Hermanus Steyn

TOT OORKANT DIE VERSTE GRENS.

O Man van Smart wat in u hart die smaad van alle mense dra,
U leer ons vra dat die Naam van Onse Vader geheilig word.
Graag wil ons dit ootmoedig doen en saam sy groot genade roem.
Maar wie durf die Vader nader in sy ontoeganklike lig?

Sy sperglans sal die mens se oog verblind en hom tot as verslind.
Gods spreiligtrans straal duisende maal skerper as die sonnekrans.
Sy Wet en wens eis dat die mens eers rein deur die Lam verhef word,
voordat hy met eer mag opvaar na sy Heer en Hom daar aanskou.

Om dan terstond gans te word soos Hy - ewig, heilig, salig, vry -
gelyk die Beeld waarna hy eenmaal skuldeloos geskape was!
Dan sal die Koninkryk van God dwarsdeur die verste ruimtes reik
as Skepsel en Skepping volmaak één in die Hart van God sal raak.

Doortaan spreek één Eindgebod: Kyk, dis God in mens en mens in God.
Alles word hernuut in waarde, mens en hemel, ook die aarde.
Deur Gods wil te doen, het die Lam God met sy Heelal klaar versoen.
Hoor die jubelsang ter ere: Heilig, heilig is die Here.

Toe ek so 'n jong knapie was, het ek op **Concordia** skoolgegaan, naby die Segortkop. Die **Concordia** was die naam van oorlede oom Christiaan Cloete se plaas. (Sonnie sal al die besonderhede oor die ontstaan van dié skooltjie ken.) Die onderwyseres was natuurlik Miss Bonnie.

Die meeste van ons kinders het met 'n oskarretjie skool toe gery. Een naweek is ek gevra om op die plaas oor te bly en om teen vergoeding vir Sonnie te help om pampoene uit die land te ry. Ek was in my noppies en het met my ouers se toestemming daar gebly. Dit was my eerste "joppie" en ek was baie opgewonde!

Dié Vrydagmiddag reeds het ek Sonnie gehelp met die eerste wavrag. Die aand het Miss Bonnie vir my die kamer gewys waar ek moes slaap en Oom Skalk het my vriendelik kom nagsê.

Die Saterdagoggend het ek vroeg opgestaan, my bed opgemaak, die wasskottel skoongemaak en afgedroog - ek was reg vir die groot pampoen-uitryery! Maar, helaas, dit sou my nie daardie dag beskore wees om Sonnie te help nie. Oom Skalk het kom môre sê en gevra of ek lekker geslaap het. *Net voor jy uitgaan werk toe, Hermanus - Miss Bonnie het gevra dat jy al die los lappies op die kaste en op die spieëltafel moet afhaal en gou vir haar moet was.* Ek het verbaas na al die skoon, gestyfde lappies gekyk: *Maar oom Skalk, ek kan nie - dis dan gestyfde lappe en dit lyk of hulle maar pas daar neergesit is!* Maar oom Skalk het voet by stuk gehou: *Nee, jong, hulle lê al 'n week lank op die kaste. Miss Bonnie is nou met die ander kinders besig met hulle sinne en sy wil dit nou-nou hê om dit weer te stywe.*

Ewe dikbek moes ek toe maar aan die werk spring en die een lap na die ander gewas - ek het immers nie gekom om lappe te was nie! Skielik het die deur oopgegaan en daar staan Miss Bonnie, baie uit die veld geslaan en vererg vra sy: *Wat dink jy doen jy?* Ewe verbaas antwoord ek haar: *Ek was die lappe soos oom Skalk my gevra het om te doen, dis mos soos Miss Bonnie gevra het.*

Miss Bonnie se oë het vuur geskiet en verskrik moes ek toekyk hoe haar gesig rooi word en die woorde wat sy gebruik het, kom beslis nie in al die woordeboeke voor nie! Ek het soos 'n skaap met brandsiek en dermontsteking gevoel. Maar meteens begin sy lag: *Dis weer Skalk se werk! Hy het gesê dat ek gou moet kom kyk wat jy doen, want jy is besig om alles deurmekaar te maak en te was!*

Die gestyfde lappe, wat nou nat en pap op 'n hopie gelê het, is dieselfde oggend nog op die kaste geplaas - presies hoe Miss Bonnie gevoel het, weet ek nie, maar hoe ék gevoel het, was 'n ander saak. Toe ek na oom Skalk gaan soek het, was hy reeds weg dorp toe. Maar Miss Bonnie het my gepaai: *Hermaans, vergeet dit - dit is maar soos oom Skalk is....* en diegene wat oom Skalk geken het, sal saamstem dat hy vir baie genotvolle oomblikke gesorg het daar waar hy teenwoordig was. *Op jou hoede, en ligloop!* Dit sou my motto vir oom Skalk bly.

Hermanus Steyn

Ons het onlangs verneem van die afsterwe van neef Skalk Steyn daar in die Kaap. Sy lyding het hy in stille geloof gedra, soos 'n ware Christen - ons gun hom sy salige rus.... Hy was 'n man wat ek nooit sal vergeet nie en wat 'n groot rol in my lewe en in dié van my huisgesin gespeel het.

Ek was 'n kind van om en by die elf jaar toe oom Skalk Steyn 58 jaar gelede uit Rhodesië op Plateau-stasie aangekom het. Die hele familie was by oom Jan en tant Marie le Roux tuis om oom Skalk welkom te heet. Daardie dag sal ek nooit vergeet nie. Almal was op die stasie en daar het ons kinders ook die voorreg gehad om hom te ontmoet. Hy was jonk, vol moed en geloof. Hy het uit Rhodesië gekom om vir hom 'n tuiste in Oos-Afrika te kom soek en hy het dit met volharding, geloof en hoop gedoen.

Hy was waarlik 'n vriend vir ons jongmense en kinders. Saam het ons gelag en geskerts en hy was altyd bereid om raad te gee en die regte weg aan ons te wys.

Na sy beroerte-aanval het ek en my gesin hom in die hospitaal op Warmbad gaan besoek. Dit was skokkend om hom daar liggaamlik gebroke te sien lê - dié man wat altyd so vrolik kon lag en gesels het sy spraak verloor. Ons was hartseer en diep bewoë. Hy kon geen vrae aan ons stel nie, en ons het maar probeer om oor alles wat hom sou raak, te gesels. Deur 'n glimlag het hy sy dankbaarheid betoon. Daardie dag, toe ons hom groet, het ons nie geweet dat dit die laaste groet sou wees nie. Hy het vir my gewys dat ek hom op die rystoel na buite moes stoot, sodat hy ons kon sien vertrek. Vir oulaas het hy sy een hand gelig en gewuif, asof hy wou sê: Vrede vir julle..... Dit was die laaste keer dat ons hom gesien het. Die Here se wil het geskied. Nog 'n sederboom het geval.

Hermanus Steyn

OP SAFARI SAAM MET JERRIE (JIM DAVIES, DIE SANGER)

Hierdie safari kan eintlik die Stertlose Safari genoem word, omdat drie van die diere wat ons geskiet het, stertloos was - nogal eienaardig! Ek was nog ongetroud en het saam met oom Flip en tannie Stenie Prinsloo en gesin op safari gegaan. Later sou hulle my skoonouers word, want ek is met Christiena, hul oudste dogter, getroud. Die ander lede van die geselskap was oom Jimmie en tant Louisa Davies en al hulle kinders, onder andere ook Jerrie, my maat, en Jopie Taljaard.

Ons het in die Masarreservaar gejag en dis dáár dat die petalje van die tier plaas= gevind het. Elke nag het dié spesifieke tier die kamp besoek en van ons biltong ge= steel. Ons het hom een nag voorgelê en hom gekwes. Vroeg die volgende oggend het oom Flip ons beveel om die gewere reg te kry - daardie tier moes gesoek word.

17

So is ons te voet die bosse in - elkeen met sy eie gedagtes : Sal ons hom betyds kry, of sal een van ons dalk seerkry? Dis toe dat my skooldae se Engelse gediggie my weer te binne skiet: *Half a league, half a league, onwards rode the sixhundred into the Valley of Death....* Ons het begin soek, maar die tier was skoonveld. Dis toe dat ek sê : *Mense, ek ruik hom!* Jerrie roep toe tergend terug: *Herrie, is jy nog skoon?* Ek antwoord: *Ja, man, ek ruik nie mis nie, maar hier is die tier se bloed!* Almal kom nader om dit te bekyk en dis toe dat die tier hier voor ons brul en verder die sloot in vlug. Onwillekeurig het ek weer aan 'n gediggie gedink wat ek op skool geleer het: *The burial of sir John Moore - not a drum was heard, not a funeral note ...* Daar was nie tyd om verder te dink nie, want toe storm die "Boere-infanterie" na die Vallei van die Dood!

Ons het die tier gekry en daar het ek Jimmy die eerste keer in my lewe 'n "ander taal" hoor praat! Toe die tier op hom afstorm, het hy met die woorde, *Jou verdomde kat!* in die rondte gedraai en die tier 'n kopskoot gegee!

By die kamp aangekom, het ons die tier neergelê en die woorde, *Slowly and silently we laid him down,* het by my opgekom. Die taak is suksesvol afgehandel en ons was gelukkig om ongedeerd daarvan af te kom.

Hermanus Steyn

OOM BOKKIE VON MALTITZ EN ANDER ONDERWYSERS

Oom Bokkie was alom bekend as melkboer, onderwyser, ouderling, sieketrooster. As daar nie 'n predikant beskikbaar was nie, het oom Bokkie ook begrafnisdienste gelei. Hy het Katkisasieklasse gegee en kon ook goed toneel speel. Oom Bokkie was 'n groot vriend van die Afrikaanse gemeenskap en het die Afrikaner in Oos-Afrika baie na aan die hart gedra. Hy het ook heelwat in die Kerkbode geskryf oor die Afrikaner in Oos-Afrika.

Eerwaarde Gawie Steyn was 'n goeie onderwyser, alhoewel hy nie my gunsteling onderwyser was nie. Afgesien van tant Edie Botha wat baie gesteld was op haar Engels en die korrekte uitspraak daarvan, was daar nog tant Frieda van Heerden. Sy was 'n uitmuntende onderwyseres en het 'n belangrike rol in die samelewing gespeel as orreliste in die NG-Kerk, koorafrigster en voorsitster van die Vrouevereniging. Tant Frieda het ook toneelopvoerings gehou en ek was een van dié wat maar kwaai onder haar tong deurgeloop het as 'n vertolking nie na haar sin was nie!

My laaste skooljaar op Broederstroom was 'n aangename jaar. Ek was in die koshuis en het 'n wonderlike koshuismoeder gehad - tant Dorrie Boshoff. Sy was 'n ware moeder vir al ons kinders en het vir almal raad gehad. Die seuns het haar behendigheid met die sambok deeglik gerespekteer!

En so het my skoolopleiding met st 6 op Broederstroom geëindig en het die toekoms gewag.

Kwaherrie.

Hermanus Steyn.

CHEATING THE ONLY WAY TO SURVIVE

KAMPALA - *Nothing legal goes in Kampala.* This cynical remark from an inhabitant of Uganda's capital reflects the widespread opinion held that, in the face of the complete disorder of the economy and the administration, to survive everyone must cheat and lie in one way or another.

The established black market and systematic misappropriation flourish in Kampala which has become headquarters of all the rackets. The galloping depreciation of the currency due to the continuing civil war is the main cause of the depression.

These past few days, following the recent devaluation, the official rate of exchange is 1,400 shillings to the US dollar, but on the parallel exchange market the rate is 3 000. A secretary will rarely earn more than 18 000 shillings (six dollars) a month; one who works for an embassy may earn eight dollars - a well-paid job.

The low level of salaries, those of civil servants in particular, and the irregularity of payments contribute to the technique of what is cynically called "auto-distribution".

Worst off are the army and police, who receive their miserable pay weeks in arrears. This is the cause of lootings and other abuses of power which have followed.

Another product of the raging crisis is prostitution, which flourishes in Kampala's hotels where the streetwalkers enjoy the freedom of the city. With their attendant pimps they batten on the soldiers and rare civilian clients in the bars, where the beer flows freely.

Who can blame the factory worker, asks the average Ugandan, when he earns only two dollars a month and has to make ends meet by taking away pieces of the machinery on which he works to sell them on the black market?

Pocho (maize flour), a staple food, costs 700 shillings a kilo - enough to feed four people. Beans cost 500 shillings a kilo and charcoal to cook them on costs 6 000 shillings for a bag sufficient for 10 meals.

The price of chicken is more than the normal monthly salary - between 10 000 and 12 000 shillings. And the rent of the meanest clapboard room in the farthest suburb, without water and electricity, is 4 000 shillings - with a communal taxi to get one to town costing 1 000 shillings a day.

The result is that office workers sell whatever they can, particularly stationery which is very expensive here. They also sell telephone calls - by making calls for friends at company expense, for which they charge less than the Post Office rate.

In the public service drivers sell their petrol, even their tyres, and operate official cars as unofficial taxis to supplement their incomes. And no taxi driver declares his true takings to the owner of his broken-down vehicle.

The field of education has its own rackets. Teachers, who earn from 11 000 to 15 000 shillings a month, collect their own fees from parents before they will register their children, and then sell paper and any classroom materials for which there is a market.

Tell me not in mystic quizzes,
 Kruger's is an empty dream;
 For the Boer is dead that misses,
 And Boers are not what they seem.

Boers are real, Boers are earnest -
 Mauser maxims best drive home
 Truths like these to e'en the sternest
 Jingo that God's earth doth roam.

Not the Gold Fields, nor Pretoria,
 Is Tommy's destined end or way:
 Far from these, and *sine Gloria*
 'Tis decreed that he shall stay.

Time is money, and 'tis fleeting,
 Hear the 'brave' Uitlander cry,
 Tommy, should you keep retreating,
 Champion of our cause, we die!

On South Africa's hills so gory,
 Tommy, I much fear you'll find,
 Potting Boers leads but to glory
 Of a somewhat "far-fetched" kind.

Trust no Boer, although far distant, -
 Let the dead around proclaim:
 Spite War Office talk persistent,
 Still unerring in his aim.

Lives like Grey's but remind us
 Following "Roads" we often may
 Miss our goal, and turning, find us
 Barred by Boers the right o' way.

"Roads" that possibly another,
 Rushing on in Mammons train,
 Some perverse politic brother,
 Seeing shall turn back again.

England, then, be up and suing
 For a peace at any cost,
 Or thou'lt be thy own undoing -
 Save thyself e'er all is lost!

J.P.J.

Pretoria, 15.2.1900

At the higher level astronomical prices are being charged for passports. The most expensive commodity is the documentation needed by people who want to leave Uganda. (AFP)

Mercury, 20 January 1986.

OUT OF AFRICA

A film, recalling memories of the past :

The landscape of the East African Rift Valley with its towering mountains Kenya and Kilimandjaro in the background, the lakes with their Flamingo population.

As the story of Baronin Blixen of Ngong Hills is being told, including the development of a tragic love story, we view the growth of a coffee-plantation, a lone woman carrying out the many tasks of arduous farmwork with the help of her Kikuyu tribesmen, who approach the 'memsahib' with their family-problems and having her treat their ills as well as to see to the education of their children. We all have witnessed the parental attitude practiced by the East African farmer towards his workers.

The film recalls the frustration of the coffee-growers on falling prices on an unstable world-market, destruction brought about by drought, locust-invasions and fire, as well as the pressure brought to bear by wealthy bankers, who were only too eager to take over indebted farmlands.

The attitude of the British administration is splendidly demonstrated in a scene, when Baronin Blixen begs the Governor to grant land for resettlement of her Kikuyu-tribesmen :

I will see what I can do for you!

Yet - in the end they do not withhold their respect towards a courageous woman, who held her own in an alien world that she came to love, eyeing dangerous animals without fear and taking on a man's work in times of war. The epic oxwaggon-Safari is pictured as well as excellent photography of wildlife.

An experience - well worth while.

Herman Landgrebe

MAN AND CLIMATE; A STUDY OF CLIMATIC CONDITIONS AT WEST-KILIMANJARO IN 1938

We often hear, and experience changes in climatic conditions to the worse, without being aware as to the real causes. To a great extent, it has always been man, who influenced these changes. Cosmic and geological change occurs so slow, that it does not influence sudden and rapid worsening of climate. It is man, who cuts off the branch, which sustains his livelihood. Where once thriving towns, abundant forrests and fields existed, there are now naked deserts meeting the eye.

Such the traveller will encounter huge ruined cities in Asia, deserts bare of plant- or human life. Mesopotamia, once a blossoming garden, known as Paradise to mankind, has become a waterless desert. By deforresting the Libanon, Syria and Palestine have become half-deserts, and same applies to parts of Greece, Istria, Italy and Spain. The term 'Karst' has become the expression towards a certain type of erosion, leaving the bare rock exposed to a scorching sunlight, unable to store any rainwater, which rushes unchecked into the unprotected valleys, causing flooding of farmlands and destroying roads and villages.

The same takes place in other countries and continents at a much faster pace, because man encroaches into forrested areas with hitherto unknown ruthlessness. In North America unlimited woodlands were destroyed by fire, the prairies were ploughed to limitless extent, because farmers were only interested in quick gain, and not in preserving the land. Devastating storms ravage the bare soil, which is being carried away by huge dust-storms, whilst rainfall recedes at an alarming rate.

Africa, since known to us, has been a continent of fire and smoke. In ancient times, the Romans have changed the Cyrenaika into a half-desert by cultivating it with endless wheat-fields. The Arabs, desert-nomads as they are, speeded the decline of plant-life in North Africa.

South Africa has not been spared its share of soil erosion and destruction. Plans, to direct the waters of the Kunene and Okavango rivers back into their ancient course towards the South, into the Kalahari Basin, as have been contemplated, have not materialized.

Nowhere in recent times have deforestation, decline of groundwater sources and rainfall taken on such alarming proportions as in East Africa. The rainforrests on the mountain slopes are being ravaged by fires, which consume vast woodlands annually. The rapidly receding surface of the Central African lakes, the decline of glaciers on Mt Kilimanjaro tell the story of wanton destruction by man. Since 1916 the northern slopes of Mt Meru have been almost denuded of forrest. The farms at Oldonju Sambu are threatened to be engulfed in semi desert, as the flow of water from the Uass range has almost seized to flow. Only dry vegetation is now visible on this, once well watered, mountain side. As a result of the rapid climatic decline, the southward extension of northern deserts, invasions by locusts have taken place,

hitherto not experienced in this region.

The question arises: can we do anything to stem the tide? The occurrence of devastating fires must be stopped, and likewise the rapid flow of rainwater has to be controlled by flooding low areas, such as increasing the groundwater level and plant life, as well as evaporation and moisture of the air, which in turn result in more rainfall. Forestry by private and government initiative is to be encouraged.

The Engare Nairobi area on West-Kilimanjaro produce an encouraging example. The area extends beyond the mountain forest, being a grass Savanna with scattered thornbush. Since 1925 the area has been cultivated with coffee under shade-trees, and the increase of plant life from adjoining forests has been observed. Evaporation likewise caused the formation of clouds, and consequently the rainfall has increased, as is being demonstrated on the following chart :

Chart of rain seasons in mm in Engare Nairobi (West-Kilimanjaro)

	1926	1927	1928	1929	1930	1931	1932	1933	1934	1935	1936	1937
Passatrain												
1 Feb - 31 May	290,6	265,6	318,5	128,8	405,9	350,6	317,5	104,2	192,6	375,2	481,1	360,1
Dry season												
1 June - 10 Sept	15,6	4,2	6,8	13,9	33,0	9,7	5,8	2,5	14,5	15,3	52,6	7,3
Monsunrain												
1 Oct - 31 Jan	213,0	204,5	232,4	244,7	239,4	185,4	333,9	160,6	241,0	304,8	166,8	221,5
Total	519,2	474,3	557,7	387,4	678,3	545,7	657,2	267,3	448,0	695,3	700,5	597,9
	Total 1st period =				Total 2nd period =				Total 3rd period =			
	1938,6 mm				2148,5 mm				2441,7 mm			
	This represents average annual rainfall of :											
	484,65 mm				537 mm				610,43 mm			

In case we consider the calendar year, we do not get the right picture. We experience a regular change between Monsun- and Passat-rains, the dividing line occurring in February, when heavy Passat rains begin to pour down. Looking at the chart we observe three seasons of 4 months each : the Passat rains, the dry season and the Monsun rains. The table demonstrates that there are no more than 3 good rain-years, the 4th being dry because of weaker Passat rains. The Monsun rains are more regular. Comparing the table we observe in the 1st period lower rainfalls and prevailing 'Steppe' climate. In the 2nd period an increase by 42 mm

is to be noticed annually, which again increased by 126 mm (25%) in the 3rd period.

Each year more land has been brought under cultivation and was irrigated time and again. New plant flora developed: next to plantations seedlings from the distant mountain rainforrest have settled, the groundwater table has risen, evaporation has increased. Temperatures within the plantation have decreased by 2,5°, night temperatures increased by 1°, and a high density of moisture has been kept within the plants.

Rainfall, groundwater level, plant life and evaporation influence the prevailing climatic conditions. Man can cause elementary change to the climate, which is so important for soil preservation. The farmer must not destroy the soil he ploughs, cut and burn the forrest, use up the water resources -

resulting in a heritage of declining climatic conditions, soil erosion and spoiled living conditions for future generations. Nature punishes, however slowly, the misdeeds of man. We have to learn to preserve and conserve nature, we must be made nature-conscious! In dry areas it is imperative to plant forrests and create water resources, protect the farmland with windbreakers and return to the soil what is being taken from it by mans activities.

50 years later : Have we indeed taken the lesson to heart? Are not ever more motorcars, airplanes, power stations discharging their fumes into the atmosphere? Is not more and more bush cleared away to create yet another plantation, whilst other areas are being left to waste, because shortfall of rain and irrigation facilities? It is indeed a bleak outlook into the future of our beautiful Blue Planet.

Herman Landgrebe

EARLY DAYS: HC KIRK OF KIMININI, NEAR KITALE, TRANSNZOIA

HC Kirk, usually known as HC or Bert to his friends, or Bwana Mrefu to the Africans, came to Kenya in 1907 just before his twenty first birthday. After several visits to friends he knew or knew of, he joined Mr Russell Bowker, the first owner of Mt Margaret Estate in the Kedo Valley near Kijabe.

HC Kirk was born on a farm near Matatiele in East Griqualand, that area now forming the Southern part of Natal known as "No mans land" in earlier times during the wars between the Zulus and Xhosas. A section of the Griquas under Adam Kok, sttled there.

On joining Mr Bowker they set off on a six months shooting safari to the Vasin Gishu by ox waggon, Mrs Bowker going too, complete with her sewing machine. Mr Kirk received no pay but would be fed by the Bowkers and what he shot, obviously the ivory, would be his reward. He was to drive the waggon also. A base camp was set up on the Vasin Gishu side of the Nzoia River near a big swamp not far from where the road coming down from Moiben and Ziwa joined the main Eldoret-Kitale Road on top of the escarpment above Hoey's Bridge. From there their shooting ranged over most of what became the Trans-Nzoia District later.

On returning to Mt Margaret Mr Kirk opened up Mr Bowker's other farm "Night-wick" which was where the stream known as the "Splash", was on the old road up the escarpment before the building of the new road by the Italian P.O.W's during the last war. It is interesting to relate that the "Splash" stream starts from two springs not far apart, one being hot and the other cold coming out of the side of the escarpment.

In 1908 Mr Kirk left Mt Margaret and joined Mr AC Hoey at Sergoit on the shores of the lake. At that time Mr Hoey owned Karuna Farm where Mr Alec farmed later, until all European owned land was taken over for African settlement. Mr Hoey was running a hunting safari business, called the "Sergoit Stores" and Mr Kirk joined him to run it and to conduct safaries for clients, as well as trading in ivory and trophies.

In 1909 ex-president Theodor Roosevelt and his son Kermit came to Kenya on a hunting safari. Sergoit Stores were approached to organise a lion spearing by Masai Mora. There was a clan of Masai residing nearby in those days. In November the ex-president and his son came up to the Vasin Gisho for the spearing which took place not far from where the road from Soy to Moiben crossed the road from Eldoret to Ziwa and Cherangani, near to where Mr Boet Fouché farmed latterly. The lions were speared. It cost Mr Roosevelt £150. The entire spearing was organised by Mr Kirk as Mr Hoey was away in Abessinia trading horses to bring down to Kenya.

Incidently Mr Hoey and Mr Kirk were sitting on top of Sergoit Rock when the Van Rensburg Trek arrived with their waggons from Nakuru to take up farms in the Vasin Gishu in 1908. The base camp was at the foot of the rock where the Davises took up land. The two men watched the group of waggons crossing the Vasin Gishu Plain.

Nee, ek het nie pampoenpitte in my kop nie - ja, misneste het ek baie gehad! As ek pampoenpitte gehad het, sou dit seker van die nuwe kultivars gewees het waarvan 'n mens deesdae so baie hoor. Ja, in Londen stap daar baie nuwe kultivars van ander lande rond....

Maar dan dink ek aan die twee broers wat besig was om met die twee donkies, ou Jakob en Goliegat, mielies te skoffel, toe Peet vir Sampie sê:

Boetie!

Ja, boet Peet?

Gaan jy maar met die skoffel aan, dan eet ek eers en dan kom jy weer.

Goed so, boet Peet.

Nou was dit soms in die ou dae die gewoonte om die vroeë pampoen, dit wil sê dié wat later die harde dop gekry het, somer so heel met pitte en al te kook. Dit het 'n beter geur daaraan gegee. Nou-ja, boetie Peet sny die pampoen oop en krap on-geërg die pitte somer so uit. Toe broertjie Sampie kom eet, roep hy uit:

Peet, Peet, die pap is pure pampoenpit! - pitte somer so oor die pap gekrap!

Ek weet nie hoeveel van ons mense weet dat berg Kilimanjaro eers aan Kenia, dit wil sê aan British East Africa, behoort het nie. Nou, dit was lank gelede toe ou koningin Victoria eendes goedie het. Zulu dit is...

dat daar fout is. Hy het gaan ondersoek instel en die arme, dood-beangste stasie-meester gaan red - dié is toe glo ook sommer saam met die trein weg!

Eendag het die kortgebonde lord Delamere 'n stasiemeester geskop. Die hoof van die spoorweë kry toe die volgende telegram :

The Lord hath kicketh me, what shall I do?

In die ou dae was die bekende hoof-wildbewaarder, McArthur, 'n belangrike man. Hy was op pad na Mombasa en het die aand by Tsavo Stasie, by die blanke stasiemeester geëet. Hy is op 'n heerlike maal van wildsvleis getrakteer. Nadat McArthur die stasiemeester bedank het, het hy gevra watter soort vleis dit was.

Dikdik, was die antwoord.

Het jy 'n jaglisensie?

Nee.

Nou-ja, ek is jammer, maar ek sal jou vir onwettige jag moet dagvaar!

Die stasiemeester is toe later beboet, maar die boete was seker nie groot nie....

So 'n paar jaar later het die wildbewaarder laat weet dat hy weer een aand by die stasiemeester gaan kom kuier. Na baie mooipraat, soebat en twintig sjielings het die stasiemeester die groot, vet kat van sy bediende gekoop; dit geslag en mooi voorberei vir McArthur se koms. Dié aand was die stasiemeester kwansuis siekerig en wou nie eet nie. Die wildbewaarder het heerlik weggelê aan die maaltyd en ná ete weer dieselfde vraag gestel :

Jaglisensie?

Nee.

Ek is jammer, maar ek sal jou moet dagvaar.

Kiberengi, roep die stasiemeester, *bring daardie vel van die swara* (bok)!

Ou Kiberengi kom in met die katvel wat hy so mooi oophou en sê:

Apana swara, pakatu. (Nie bok nie, kat.)

Julle kan maar self dink wat daarna gebeur het!

Nou dink ek weer terug aan die eerste sensus wat geneem is. Die magistraat moes op 'n dag van huis tot huis gaan en in die onderste gedeelte van Eldoret het 'n ou Indiër hom meegedeel: *My wife's got five childrens, but one not yet.*

Toe ons in Kenia (destyds British East Africa) aangekom het, was daar baie min kinders onder die ouderdom van tien jaar onder die Elgeyo- en Marokwetstamme. Vanweë die droogte en hongersnood, is die jonger kinders om die lewe gebring. Selfs in 1961, toe daar oorstromings en baie kommandowurms was, het die Kamasia- en Tugenstamme weer tot hierdie praktyk oorgegaan. Onlangs het ek 'n brief uit Kenia ontvang waarin vertel word dat die Embustam ook weer die klein kindertjies en baie ou mense om die lewe gebring het om kos te bespaar. Vroeër dae het die Kikuyu- en ander stamme ook die gebruik gehad om kreupel of hulpelose ou mense snags weg te dra en buite te laat vir die hiënas en die leeus - hierdie ou mense het hul lot glo gelate aanvaar.

Ek het al vantevore vertel van dié oom Jan wat hom verbeel het dat hy 'n bulhond is. Daar word vertel dat hy eendag in die kerk heerlik saamgesing het – uit sy tjek=boek! Hy het hom verbeel dat dít sy gesangeboek is!

So dink ek nou ook weer aan die non wat iewers heen op pad was, maar dat haar ou Morris Minor naby die Hill School sonder petrol gaan staan het. Sy onthou toe dat sy 'n rukkie gelede by Hughes se vulstasie verbygery het en besluit om daarheen terug te stap vir petrol. Aangesien sy nie 'n petrolhouer by haar in die kar gehad het nie, besluit sy om die ou koos (kamerpot) agter in die katebak saam te neem vir petrol. So gesê, so gedaan en met die pot vol petrol moes sy toe maar baie stadig die terugtog aanpak! Terug by die motor was sy net besig om die petrol in te gooi, toe die dominee en ouderling, op huisbesoek, langs haar stilhou om hulp aan te bied. *Sien Dominee wat ek sien?* het die ouderling verbaas gevra.

Ja, broer, dit is darem nou vir jou gelóóf, nè?!

Nou wil ek so 'n paar dingetjies van Kenia en Uganda se swart mense vertel. Ons meen dikwels dat ons baie van hulle weet, maar eintlik weet ons maar min van hulle. Die Nemarembé-katedraal in Kampala, Uganda, is deur sir Albert Cook, 'n sendeling en uitstekende dokter, laat bou. Die katedraal het oorspronklik 'n grasdak gehad. In die reëntyd kry Kampala hewige donderstorms en elektriese storms wat altyd so teen seweuur soggens uitbreek, gepaard met baie reën. Dit duur gewoonlik so 'n uur lank en daarna skyn die son weer fel en is dit baie warm. Gedurende een van hierdie storms het die weerlig die katedraal se dak aan die barnd geslaan. Dadelik het die tromme begin rommel – dit was destyds al manier om gou boodskappe te stuur en het die Kabaka (koning) van Uganda altyd 'n groot aantal tromme in gereedheid gehad. Op daardie tydstip was my swaer, Jim Robinson, besig om by Mibale vir die Uganda Co. katoen te koop, toe hy die tromme hoor. Op sy vraag wat die boodskap is, het hulle hom vertel dat die katedraal afgebrand het. Na berekening het dit sowat 'n halfuur geneem om die boodskap oor 'n distansie van 200 tot 250 myl te stuur!

Soos ek al vantevore vermeld het, het baie van Kenia se Boere tydens die Eerste Wêreldoorlog aan die **Belfield Scouts** behoort – so ook my broer Schalk. Die Scouts was dan ook gewoonlik in die omgewing van generaal Smuts se hoofkwartier. Schalk was maar altyd gereed vir kwajongstreke en het opgelet dat oom Jannie, soos generaal Smuts genoem is, die gewoonte gehad het om smiddae teen vieruur se kant saam met sy offisiere te gaan wandel – hy voor met sy hande agter sy rug saamgevat. Die wêreld was taamlik ruig en bebos en eendag het Schalk besluit om 'n bietjie pret te maak. Gewapen met die tuit van 'n *His Master's Voice*-grammofoon, het hy hulle agter 'n bos gaan voorlê. Schalk kon die gebrul van 'n briesende leeu goed namaak, en toe die groepie naby genoeg is, het hy dan ook begin brul! Konsternasie het geheers en die offisiere het laat spat – terug kamp toe. Oom Jannie het egter net vasgesteek, so 'n bietjie rondgekyk en toe stadig teruggestap. Die volgende oggend het hy Schalk nader geroep :

Schalk!

Ja, Generaal?

Kom hier! Was dit jy?

Ja, Generaal.

Generaal Smuts het sy offisiere nader geroep, na Schalk gewys en gesê:

Toe, daar is julle leeu!

Vroeg in hierdie eeu was president Roosevelt (die eerste) op besoek in Kenia en het per trein van Mombasa na Nairobi en verder gereis. Hy het sy "Darky" – soos hulle destyds na die negers verwys het – saamgebring. Ek dink sy naam was Sam. Toe hulle so oor die Athi Plains ry, sien hulle 'n volstruismannetjie en wyfie saam met 'n klomp kleintjies wegdraf. Die ou Darky het opgewonde uitgeroep:

Look, look Sah, ostriches, cow, bull and pups!

Baie mense sal seker nog vir klein Abeltjie Erasmus onthou. Hy was ook 'n tyd lank in Uganda en het so 'n klein Austin-motortjie (7 perdekrag) met 'n seildak gehad. As gevolg van die baie reën, het hierdie seiltjies nooit baie lank gehou nie. Dit het gekrimp en moes dan afgehaal word. Soos baie van ons, moes Abeltjie toe maar met 'n oop motortjie rondry. In Uganda het hy toe uit hout die gelykenis van 'n groot krokodil met 'n oop bek gekerf en dit mooi, geverf en al, op die kap van die ou Austin gemonteer. By Sorati was hy weer eendag op die pad. Die wind het baie sterk gewaai. Daar voor in die pad het 'n swart vrou met 'n groot kalbas op die kop, gestap. As gevolg van die wind, kon sy Abel nie hoor aankom nie en toe Abeltjie verbysteek, druk hy die toeter. Die swart vrou het verskrik opgekyk – vas in die krokodil se bek! Met een skreeu het sy die kalbas vol dikmelk met alle mag vol op Abel se bors laat ontplof en in die lang gras verdwyn! Abel was van kop tot tone deurdrenk met dikmelk – die einde van 'n nuwe pak klere.....

Een nag het 'n leeu in die Tsavo National Park 'n groot moles veroorsaak. Die trein het die leeu raakgery en na 'n groot gesukkel het die stoker en drywer die leeu, 'n pragtige maanhaar, op die enjin langs hulle gelaai, en daar gaan hulle. Na so 'n entjie het die stoker beangs aan die drywer gestamp en gewys na die leeu wat aan die regkom was en so sit en waggel van kant tot kant. Soos blits is hulle uit die enjin uit en agter op die houtwa (destyds het al die terine hout gebruik).

Slaan hom met die hamer!

Nee, slaan jy!

Nee, ek is getroud!

Gelukkig het die leeu by sy positiewe gekom en self afgespring, voordat die trein sonder bestuurder 'n ongeluk gemaak het!

Soos oral in Afrika was toordokters volop en het nogal baie probleme veroorsaak. Na 1918 se Elgeyo- en 1919 se Nandi-opstootjie was dit egter redelik stil. Maar nou wil ek darem graag iets vertel wat 'n mens nie kan verstaan nie, maar wat waarlik gebeur het. Ek het al voorheen van die polisieman, Jack Taylor, vertel. Hy en my

swaer, Eddie de Waal, was groot vriende. So teen 1944 se kant het hy eendag by my swaer aangekom en so onder die geselsery deur kon Eddie sien dat Jack baie bekommerd is. Op Eddie se vraag antwoord Jack :

Man, ek kan niks met die Elgeyostam uitgevoer kry nie en ek kry geen samewerking van hulle nie.

Eddie vra hom toe uit en kom tot die slotsom dat dit die invloed van die toordokters is. Maar Jack het geglo dat daar nie meer toordokters is nie.

Wat? sê Eddie - ek dink daar is ten minste twaalf!

En wat nou? vra Jack.

Gaan jy maar huis toe, en ek sal probeer om hulle name vir jou te kry.

Eddie se beeswagter, Jim, het jare lank vir hom gewerk en was altyd bereid om inligting aan hom te gee. Eddie gee hom toe opdrag om die beste ver in die veld in te neem. Daarna sou hy self ook veld toe kom en met Jim kom praat. Ou Jim was eers huiwerig :

Hulle sal my doodmaak as ek iets sê!

Eddie het hom gerusgestel en belowe dat hy nie sy bron van inligting sou verklap nie. Jim het ingestem en na 'n week of wat ontmoet hulle toe weer op 'n plek waar daar geen swarte naby was nie. Jim het hom toe die name van veertien toordokters gegee, asook inligting waar hulle gevind kan word. Hy het gesê dat almal maklik gevang sou kon word, maar gewaarsku dat die toordokter by die Cheranganibosse baie gevaarlik is - die een wat hom gaan haal, kon baie seerkry. Eddie het die inligting aan Jack gegee en ongeveer veertien dae later verneem Eddie dat Jack in die hospitaal opgeneem is. Eddie het hom gaan besoek en uitgevra.

Ek het almal gevang, maar ek kan nie verstaan wat gebeur het met die laaste een nie. Jack vertel dat hy met die Land Rover gery het. Almal sal onthou hoe ons altyd forelle gevang het in die rivier daar by die Cheranganibosse - mooi bome, kort, groen gras tot aan die rivier. Anderkant die rivier was daar 'n klipkoppie met aan die kant daarvan, die toordokter se hut. Jack het stilgehou, uitgeklim en met die Askari's so tien tree agter hom, begin aanstap. Die gras was kort, maar skielik, uit die bloute, verskyn daar 'n outa langs hom :

Sien jy daardie voetpaadjie? Moenie jou voet daarin sit nie, want jy sal seerkry.

Jack draai toe om om te kyk waar die Askari's is, maar hulle was nog so 'n ent agter hom. Toe hy weer terugdraai, was die outa weg. Hy loop toe versigtig tot by die paadjie, bekijk die wêreld om hom goed, en trap toe in die paadjie. Op daardie oomblik het hy 'n harde slag agter die nek gekry wat hom bewusteloos laat neersyg het. Daar het die Askari's hom opgetel en hospitaal toe geneem. Eddie het Jim daarvan gaan vertel, en Jim het gesê:

Ek het julle gewaarsku om versigtig te wees. As hy nou weer gaan, moet hy vir niemand sê waar hy heengaan nie, ook nie vir die Askari's nie. Hy moet hulle net saamneem en as hulle naby die toordokter se hut kom, moet hulle stilhou en vinnig

daarheen hardloop. Dan sal hulle hom vang, maar niemand mag van die planne weet nie.

Jack het Jim se raad gevolg en uiteindelik is die groot toordokter gevang.

My broer Schalk was maar altyd 'n swerwer en het graag rondgereis. So het hy eenkeer per geleentheid na Uganda gegaan en is met die Nyl op tot by Nimule aan die grens van Sudan. Daarvandaan is hy te voet na die Turkanaberge, Moroto en Debasien, waar hy ses maande lank olifante dopgehou en bestudeer het. In daardie tyd het my moeder hom dringend nodig gekry, maar niemand het geweet waar hy hom bevind het nie. Sy het Arab Ganda ("Arab" beteken: seun van) laat roep, 'n brief vir Schalk aan hom gegee en gesê:

Gaan gee dit vir Bwana Schalk.

Ndio Memsahib, en Arab Ganda laat vat. Ongeveer drie weke later was die brief in Schalk se hande - Arab Ganda het te voet 'n afstand van ongeveer 250 myl afgelê! Hoe hy geweet het waar om Schalk te vind en hoe hy by al die vyandelike stamme verbygekom het, is vandag nog 'n raaisel.

'n Verhaal wat Jimmy Davies (Jim Lessos) aan my vertel het, laat 'n mens wonder of telepatie nie maar tog 'n belangrike rol in ons lewens speel nie. Jim het so 20-25 myl van Eldoret af gewoon, teenaan die Nandi Reserve aan die een kant en die Wattle Co. aan die ander kant. Die Nandi-beeste het maar baie gepla, en alhoewel die polisie dikwels toegeslaan het, kon hulle niks uitrig nie. Jim vertel dat hulle eendag besig was om te ploeg, toe die bestuurders skielik die trekkers laat stilhou en afklim. Hulle het eenkant gestaan, so 'n rukkie gestaan en luister en toe begin hardloop om die onwettige beeste bymekaar te maak en tussen die wattlebome in te jaag. 'n Uur later het die polisie daar aangekom. Nou-ja, hoe het hulle geweet dat die polisie op pad was en wat het hulle gehoor wat ander nie kon hoor nie?

Vir oulaas moet ek vertel hoe die Elgeyo wind-op kan praat! Almal weet tog hoe hard die wind op die Plateau kan waai, - só hard dat 'n mens nie eens 'n gewerskoot 200 tree ver kan hoor nie. Nogtans het ek gesien hoe hierdie mense wind-op kan gesels. As jy hulle vra om iemand te gaan roep, sal die man so eenkant toe staan, die wêreld bekyk, miskien weer wegstaan en dan gewoonweg met een van hulle mense so 500 tree wind-op gesels, waar niemand sal hoor, al roep hy ook hóé hard nie! Dit is 'n kuns en ek kon nooit by hulle uitvind of leer hoe om dit te doen nie.

Destyds was 'n troue 'n groot gebeurtenis en het 'n mens daarna uitgesien! Natuurlik moes al wat leef en beef gaan en so is my suster Meta (mev Diesel) eenkeer na 'n troue toe per fiets, vergesel van twee vriende op 'n muil en twee vriende op 'n os! So terloops, my suster het 'n aantal jare op Patatadraai skoolgehou en moes by die mense waar sy geloseer het, die eerste maand lank op 'n tafel slaap!

Een van ons oud-leraars vra waarom ek net van die ou tyd skryf en nie van die latere gebeure nie. Ag, mense, hoe sal ek nou sê? Kyk, in die ou dae het ons sommerk elf maande van die jaar lekker gedans en jolifikasie gehou. Dan was ons een maand

lank sedig - dit wil sê die tydjie wat die dominee ons besoek het! Maar nou-ja, toe het ons 'n instroming van predikante in Kenia gehad - een keer tot selfs drie op 'n keer, en dan was alles stil, sedig en morsdood. Daar was darem een snaakse voorval wat ek kan onthou. In Eldoret het 'n dominee een nag 'n skotskar van agteraf raakgery - 'n skotskar met twee osse en 'n lantern wat besig was om die buite-toilette leeg te maak! Onthou jy nog, Dominee?

Oom Soon Snyman was een van my swaer, Eddie de Waal, se groot vriende. Hulle het saam in die Eerste Wêreldoorlog geveg. In die kamp naby Longido ('n berg in Tanganyika, wat soms die Swart Berg genoem word) was kos en veral lekker vleis, maar skaars. Op 'n dag vra Soon:

Eddie, wil jy 'n lekker makou hê?

Waar gaan jy dit kry, wil Eddie weet.

Wag maar, jy sal sien, sê oom Soon.

Dié aand kom oom Soon by Eddie se tent aan en haal 'n groot makou van onder sy jas uit.

En nou? vra Eddie verbaas.

Wel, ek moes by generaal Smuts se kamp wagstaan en het gesien dat daar 'n mooi makou vir die Generaal se Kersete gestuur is. Toe maak ek maar my weermagjas se sakke vol mieliepitte en lok die makou so stadigaan nader. Toe hy mooi onder skoot is, wiks ek hom met my bajonet en siedaar!

Dit is nou maar eenmaal so dat 'n mens soms dinge moet doen wat nie so lekker is nie.... Een Kersfees was ek saam met Stompie Korf, Gert Korf en een van die Goby's op safari by Baringomeer. Daar het ons 'n sekere mnr en mev Taylor ontmoet wat besig was om beeste te koop. Hulle het ons genooi om Kersdag pons by hulle te gaan drink. Ons kon sien dat hulle nie van die skoonste mense was nie, maar gaan toe maar. By hulle tent aangekom het ons eers 'n lang ruk gesels voordat mev Taylor met die pons na buite gekom het. Ons loer toe so onderlangs na mekaar, want die pons was in 'n gewone koos! Ons gasvrou moes opgemerk het dat ons bedenkinge gehad het, want sy sê toe gou:

It is quite clean - it is quite clean, I bought it from the Asian Duka yesterday.

Wel, wat die ou Indiër met so iets by Baringo se winkeltjie sou maak, weet ek nie!

Maar wie was ons om 'n dame se woord in twyfel te trek? Na so 'n paar drankies het dit egter ook nie eers meer saak gemaak nie!.....

In Uganda, naby die Albertmeer, was daar 'n man by die saagmeule in die Bodongo-bos werksaam. Om die een of ander rede moes hy teruggaan na "Home" (Engeland) en het sy pragtige Bentley-motor aan een van sy vriende teen 'n baie bilike prys verkoop. Sy vriend was baie in sy noppies met sy winskopie. Die motor het baie lekker gery, maar na 'n ruk het dit krag begin verloor en 'n vreemde klonk-klonk-geluid begin maak. Garage toe met die motor - en toe die enjinkap gelig word, tref hulle 'n harde houtsuier binnekant aan! Die vorige eienaar kon nie 'n suier in Uganda kry vir sy

Wat nou? wil ek weet.

O, dit? Nee, die krokodil het maar net sy maaltyd vir die dag gevang - nou weet die ander hulle is veilig! Dit gebeur so drie tot vier keer per week, word ek verseker....

Nou nog iets oor die Tweede Wêreldoorlog. Met behulp van 'n paar Suid-Afrikaners en 'n "Recce"-pantserkar het ek destyds gehelp om Ras Tafari, alias Haile Selassie, op sy onwettige troon te plaas (waarom weet ek nie!). Sy troon was onwettig, omdat hy die wettige troonopvolger vermoor het. Dit het groot opspraak verwek. Een van die brigade-kenningsgewings wat gesirkuleer is, het soos volg gelui :

In future the emperor Haile Selassie will be known as His Royal Highness and no longer as the Little Black Bastard.

Geen kommentaar!

Salaam Sana.

SONNIE.

WYLE DOM PIET VAN RENSBURG

CAROLINA: Dom Piet van Rensburg (65), 'n bekende en beminde persoon in die gemeenskap, is Dinsdag 3 Sept, in Pretoria oorlede. Die teraardebestelling is Saterdag waargeneem vanuit die NG Gemeente Carolina, waar hy gedien het as diaken en ouderling, deur ds D J van Staden, emeritus-leraar van die Hervormde Kerk en huisvriend van die oorledene vanaf die Kenia-dae.

Dom Piet is op 20 Desember 1919 in die Carolina-distrik gebore. Sy oupa, Dom Jan van Rensburg, was een van die pioniers wat in 1906 na Kenia getrek het. Dom Piet het op 4-jarige ouderdom saam met sy ouers na Kenia verhuis. Tydens die tweede Wereld oorlog dien hy vir ses jaar in die Kenya Regiment en veg in Somalie en Abesinie en daarna vir drie en 'n half jaar in Ceylon, Burma en Indie as Adjudant Offisier van die elfde Kompanie van die veertiende Leer.

Hy neem o a deel aan die sg "Burma Campaign" onder aanvoering van Lord Mountbatten. Hy ontvang die 1939-1945 Ster; die 1939-1945 Medalje, Defence Medalje; die Burma-Ster; die Afrika-Ster; "Mention in Despatches", na vermelding ook die Member of the British Empire (MBE). In Maart 1946 keer hy terug na Kenia en tree in Desember 1946 in die huwelik met Elizabeth de Jager, 'n huwelik waaruit een seun en ses dogters gebore word.

In Jan 1961 trek hy en sy gesin terug na die Republiek waar hy aanvanklik gaan boer voordat hy in 1963 aansluit by die Paaiedepartement. In Jan 1964 vestig hy hom in Carolina waar hy na 21 jaar diens aan die einde van Des aftree.

Geneem uit 'n koerant gestuur uit Carolina (Geen naam of datum)

Liza du Toit.....

Liza die 2 jarige dogtertjie wat in Middelburg oorlede is aan 'n dodelike lewersiekte, se ouers Piet en Tienie du Toit was vroer van Oos-Afrika. 'n fonds is gestig om hulle te help maar ongelukkig kon 'n geskikte lewer nie betyds gevind word nie.

1. Ek het my eerste skool by Oom Ben Mouton begin. Dit was meeste Engels. Daar was 'n groot boek los blaaie teen die muur met die A.B.C. ens. wat ons elke dag moes leer. Die ken ons naderhand uit ons koppe. Ons het ook spelling geleer en dan lees.

Wanneer ons lees moes ons op 'n lang bank staan, dit wil sê die skoolbank. Bewaar jou siel as jy verkeerd lees, dan slaan hy jou met 'n kweperlat op jou kuite.

2. Mej. Davies, Johanna en haar Suster Sophia het later by Oom Ben oorgeneem. Daarna het dit beter gegaan. Daar is toe vordering gemaak. Ons het ook Bybelgeskiedenis geleer en baie Halleluja-liedere gesing. Ene Mr Visser 'n onderwyser het die pos aanvaar vanaf Suid-Afrika, om te kom skoolhou. Hy het ons met "designs" laat teken, en optel en aftrek somme laat doen. Solank die klas aan die gang is is daar altyd een wat sy griffel moet gaan skerp maak. Dan maak die eerste een 'n zol en steek dit aan die brand, dan volg 'n ander en so rook ons die hele dag. Mnr Visser het van die rolle tabak in stukke saam gebring skooltoe dan moet een van die seuns dit vir hom kerf en 'n bietjie droog, sodat hy kon rook. Op die manier kry ons altyd tabak in die hande om die zolle van te draai.

3. Mr Visser se horlosie het die meeste van die tyd nie gewerk nie, dan kyk ons na die skaduwee van die skooldak om tyd te hou vir speelyd en-sovoorts. Die streep van die skaduwees word altyd wyer gemaak, met ander woorde kry ons langer speelyd en gaan ook vroeër huistoe. Speelyd in die môre het naderhand seker 1½ uur geduur. Ons het dan rivier toegegaan om daar te swem. Dit het naderhand 'n gewoonte geword. Mnr Visser wou dit stopsit en belet ons toe om te gaan swem, maar die volgende dag is hy met sy kweperlat agter ons aan rivier toe en wou ons slaan en terug jaag skool toe. Dit het niks gehelp nie. As hy oorkant die rivier is, is ons duskant of anders-om. Hy was naderhand moeg en stap maar terug skooltoe. Ons is daarna met ons kaalbasse, die lywe moet eers droog word voordat ons kan aantrek. Toe ons by die skool kom het hy ons elk 'n loesing gegee. Dit het nie veel gehelp nie, net 'n paar dae later het ons weer elke dag gaan swem. Mr Visser is toe na Verbrandebos oorgeplaas.

4. Mej du Plessis en haar suster Sarah het toe vir ons skool kom hou. Die eerste ding wat sy gedoen het was om die swemmerie te stop, sommer van die begin af. Ek en Okkie Nel, my maat, was nie daarmee eens nie. Speelyd was ons weg om te gaan swem. Ons het tot agter die mielieland, wat naby die skool was, geloop. Ons het toe in die land gaan sit net regoor die skool, waar ons kon hoor wat aangaan. Die eerste wat ons hoor is Mej. du Plessis se fluitjie, wat sy geblaas het. Sy het gesê as ons die fluitjie hoor moet ons weet dit is 'n teken dat ons moet skooltoe kom. Maar toe weet ons onmiddellik dat die ander kinders vir haar gesê het ons het gaan swem, na 'n rukkie sien ons sy kom uit die skool en sit af na die rivier met 'n paar kinders saam. Na 'n rukkie is ons skooltoe om daar te wag. Sy het terug gekom en haar gesig was baie rooi. Sy was baie kwaad. In haar kwaadheid roep sy ons in en gee ons toe houe met haar rottang op elke hand en sê ons moet die middag agter bly wanneer die ander kinders huistoe gaan, omdat ons nie vir haar geluister het nie.

Na skooltyd die middag skryf sy op die swartbord: "I must not leave the school premisses without permission". Sy beveel ons toe om die sin 500 keer uit te skryf voor ons kon huistoe gaan.

Nou ja, so gesê so gedaan. Ons het toe al die lye bymekaar gemaak en ons griffels geslyp en begin skryf. Dit was 'n groot werk. Elkekeer as die lye vol is moet sy tel, dan word die lye skoon gemaak en maar weer geskryf, Ons het haar lekker gekul, wanneer ons die lye skoonmaak, maak ons net die eenkant skoon. Nadat ons klaar was sê sy ons kan maar huistoe gaan. Ons wyeer toe om te loop en sê aan haar dat ons honger is en vra toe vir koffie en beskuit. Sy het in 'n rondawel gewoon, somer so by die skool. Daar het ons haar siel gesit en uittrek. Ons wou net weet wie haar "Boy Friend" is. Die tyd het ook al aangestap. Die son het onder gegaan, maar ons wou nie loop nie. Ons was nou bang die ongediertes sal ons vang. Sy steek toe 'n lantern op, 'n safari lamp, wat ons kon kry om saam te dra om die ongediertes weg te hou. Ons beluit toe ons gaan maar daar slaap want dit is te gevaarlik om in die donker te loop, want daar was nog tiers en baie wolwe in die omgewing. Sy het baie mooi gepleit en toe is on maar daar weg huistoe. Ons het so 3 myl van die skool gebly. By die huis aangekom vra Pa waarom ons nie na die onderwyseres geluitsterhet nie. Hy het ons toe gewaarsku dat as dit weer gebeur sal ons nog weer deurloop. Nou ja, na die gebeure was ons toe maar gehoorsaam.

Ek en my maat, Okkie Nel, het die werk gekry om die skool altyd skoon te maak. Ons het so gewerk; die banke word uitgedra en dan word die vloer skoon gevee. Daardie jare was misvloere hoog in die mode. Ons het vars beesmis gaan haal. Dit word dan met water verdun en daarmee word die vloer gesmeer. Baie mooi patrone word gesmeer, wanneer die mis droog is sit ons die banke terug en dit lyk somer pragtig en het 'n lekker vars mis reuk.

Ds Loubser - Predikant van die N.G. Kerk, Eldoret.

Predikante was maar skaar in daardie jare, so om en by die jare 1927, as ek nog reg kan onthou. Ds Loubser was die Predikant van die N.G. Kerk in Eldoret. Die Dominie was baie ingenome met almal en het nie verskil gemaak of jy sy lidmaa was of nie. Hy het somer almal besoek en van plaas tot plaas met 'n donkiekar of oskar gery. Met nagmaal het almal met ossewaens kerktoe gery. Vrydag word daar tente opgeslaan. Dan is dit 'n feestelike tyd daar op Eldoret. Die tente staan so 'n ry om die Kerk. Dan word daar 'n diens Vrydagaand gehou. Saterdagmiddag is voorbereiding en Sondag is Nagmaal. Maandag word die tente afgeslaan en gepak. Daarna is almal weer op pad huistoe tot die volgende nagmaal.

OOM DANIE BORNMAN EN DIE TIER.

Eendag het 'n tier begin pla en het varke en honde gevang. Oom Danie en Chrisjan het toe besluit hulle gaan probeer om die tier te vang. So besluit hulle toe om langs die rivier te gaan soek. Hulle neem toe hulle honde saam. Toe hulle die tier gewaar, laat hulle ons toe weet om met ons honde en ook al ons skietgoed te bring.

My Pa, Oom Stoffel van Vuuren en Mnr Visser het elk 'n .22 gehad. ek en Okkie Nel is ook saam. By die rivier gekom spring die tier uit en gaan by 'n Masaigat in, daar staan ook 'n groot Olienhout boom. Die tier is toe in die boom en die honde almal onder.

Oom Danie waag dit toe tot naby die boom. Pa waarsku hom om nie te naby te gaan nie. Sy woorde was nog nie koud nie toe spring die tier op hom.

Gelukkig het oom Danie 'n groot dik kurkhoed op sy kop gehad. Die tier byt toe die hoed en 'n mens het net kurk sien waai. Almal het geskiet, maar dit was mis. Die honde kom toe by en die tier los oom Danie. Die tier slaan toe op die vlug en die honde agterna. Oom Danie moes dadelik huistoe geneem word, want hy het lelike krapmerke op sy skouers en rug gehad. Hierdie merke het baie lank geneem om gesond te word.

Wel na hierdie episode is toe besluit dat die tier geskiet moet word. Al die bure is in kennis gestel. Almal moes met hulle honde en gewere kom. Die volgende dag trek daar 'n kommando uit om die tier te jag. Daar was 50 honde en 15 gewere en dit het gewemel van mense. Van vroeg die oggend tot laat die aand is daar gesoek en gewag, sonder sukses. Die tier was vry.

Frans Nel speel toe mos tier. Dit was 'n Sondag. Oom Danie Bornman was die dag by ons en Oupa het vir ons Boeke gevat. Daar kom toe 'n skepsel aangehardloop en skreeu net tier. Ons is toe almal na die rivier, gewapen met stokke, klippe, gewere en ook die honde.

Frans het in die palmietbos weggekrui. Hy het die skepsels bang gemaak en gebruil soos 'n tier. Ons begin toe in die palmietbos klippe gooi. Dit was die gouste wat Frans uit die bos skree. Ai! maar was die oumense kwaad. Hulle wou hom sommer daar en dan 'n loesing gee. Hy het toe baie mooi gepleit Groot om verskoning gevra en gelukkig het hy nie sy loesing gekry nie. Almal is toe huistoe en die Boekevat het voort gegaan. My Oupa het Frans toe die leviëte voor gelees. Ons kon hom daardie dag met die klippe doodgegooi het.

DIE NAAM PATATADRAAI.

My ouma Tant Sannie van Vuuren het in 1908 saam met die van Rensburg trek na Kenya verhuis. Sy het 'n paar klein pattatajies saam met haar gebring. Sy het hulle geplant en hulle het toe gegroei. Dit was die begin van die patatas. Om Frans van Deventer het my Oupa se plaas die naam gegee "Patatadraai." Baie mense in die omgewing het ranke gevra en geplant. Van die patatas het so groot geword dat 'n rooi bobebaan nie met die groot patat kon wegkom nie.

Later het Oom Jan Nel op dié plaas gewoon. Daar is toe 'n brug gebou oor die rivier en die is vernoem Nel's brug. Ons kon toe maklik oor die rivier kom na elke reën. Die Sergoït rivier het baie stek afgekom as dit baie reën.

DITJIES EN DATJIES.

Geloftefees of soos ons dit in die vroeër jare genoem het "Dingaansfees" is elke jaar op die 16de Desember in Kenya gevier. die Afrikaners het gewoonlik almal op Oom Ben Mouton se plaas vergader.

Die Laer Kommodant, Oom Hans Nel, het al die waens in 'n laer laat trek. Daar was 'n groot opening in die middel. Van die laer is daar boksele gespan en plek gemaak om al die verrigtinge te kan waarneem. Die 15de Desember was ons sportdag. Die aand het die skoolkinders en ook die grootmense konsert gehou. Daar is daarna gelofte fees gehou. Die 17de Desember is almal weer op pad huistoe.

From Aunt Emma Stow.

16 August 1986

Dear Danie,

I don't know if the news that I am sending to you will be of any use, so many people ask after Kenya and ex-Kenya residents, they wonder what happened to them, so I thought I would send this information. (Aunt Emma, it is always welcome, that's what makes the letter. Ed.)

The Late Martiens Fourie was at the Fountains every year, I don't think he missed once, he will be missed by all those who knew him. Aunt Sarah de Lange's Sister died yesterday in Kroonstad, she was 94, her late husband was Dom Frank's Brother, he died a few years back.

Mrs Rarle Randall, wife of the late Tom Randall, driver for the KUR&H Nairobi, has been here on a short holiday to the family, she is living with her two sons, Ruby and Jannie, one in Australia and one in New Zealand. Her brother Jan Viljoen is staying in Pinetown, and Kobus Viljoen in Cape Town. It was so nice to see her, and we had so much to talk about.

I am sure not many people know who is Tienes Van Rensburg of the Radio Helicopter guiding the public at peak hours. He is the son of Kets and Hester van Rensburg formerly of Eldoret. He went to the Prince of Wales School, then came to Middelburg Transvaal to finish his schooling.

I went to England in March to the wedding of my granddaughter (Rosemarie Levin). My son Bruce and his wife Helen and I were in Durham in the Museum. Right near the entrance we saw tea, coffee, dried bananas and various other things being sold for charity, it all came from Kenya and Tanzania. A black man standing nearby, I said to my son, "I am sure he comes from Kenya," my son asked me how I knew; I didn't know, he was just black. So I went up to him and asked him where he came from. He said, "From the Bible College in Durham," we then asked him where was his home and he said, "Uganda." Well we had a good chat in Swahili. We told him we came from South Africa, but that made no difference, we just continued the conversation.

I went to Derbyshire to my niece (Katerina Van Rensburg) Goodall. The film "Out of Africa" was showing nearby in Nottingham, so we went to see it. Her husband baby sat. The place was full. One could catch pieces of conversation telling us that there were others in the audience from Kenya. I was so absorbed in the film that only when it ended and we walked out did I realise that we were not in Kenya. If you have not seen the film, do go, it is very good and well worth seeing.

Clive and Isobel Holioak have become the proud Grandparents of their first grandchild, a boy, I hope he will not drink so much beer!!!

The following people are in Huis Vergenoeg 33 Ave 830, VILLIERIA, PRETORIA
Fritz and Maria Rousseau; Kosie Boshoff; Tinnie Borman (nee Becker, nee Malan); Margaret Mouton (nee Malan); Bellie de Wit (nee Malan); these last three are sisters. Aunt Freda van Heerden, she used to play the organ in Eldoret. Joey Smit (nee Lombard) used to live in Eldoret but before that she lived in Ol'Kalou; Japie en Ella Welmans from Kinankop.
In Huis Trichardt is Rina van Wyk the daughter of Dom Alex Boshoff and Aunt Ann Boshoff.

This poem was written by a young lad of 16, he has never been to Kenya he wrote this on what Margery Murray (Sister of the late Boyce Roberts) told him about Kenya.

KENYA FAIREST LAND

Jambo Kenya
Land of Plenty
Where acacias and ceders
dot plains so empty.

By God, our Lord
with greatest care,
was placed on earth
a land so fair.

A Land with Beauty,
wild, untamed
in Africa dark
was named Kenya.

A Land of beauty
Kisumu to Mombasa
unsurpassed
Nairobi to Mandera.

Indian, White
Kikuyu, Swahili;
Arab, Wakamba,
Masai and Somali.

Lakes with Flamingoes;
Victoria, Turkani
Rivers at ease
Sabiki, Tana.

Buck and Lion
Wild as their land
wander the plains,
vast and grand.

Kenya, citadel
Soaring on High;
palace of rock
where eagles fly.

The clear skies
can suddenly change,
the lonely plains
by lightning flayed.

Suddenly shots
and murder brutal.
Kenya transformed—
no longer peaceful.

The Hidden ones;
Kikuyu, other
divide the land
in search of power

Why, Kenya, Why
in the prime of your life
did we strip you of pride,
your children at strife?

No matter, Kenya,
Stand firm and steadfast,
We may yet be one
as we were in our past.....

S AMM

Aunt Emma